Tydlyn van Israel

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Handelinge 7: 1 - 53
Bestudeer die tydlyn-plakkaat en maak seker dat jy bekend is met al die priesters, rigters, konings en profete wat ons gaan bespreek.

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Tydlyn-plakkaat, versamelkaartjies en plakkers vir die Odos 3 reeks
Jellie-lekkers van voete
Papier en inkleurkryte

Lesinhoud

Kom ons maak die tydlyn oop en volg die pyltjies van die begin tot die einde.

Skepping: Aan die begin was daar niks. Net God was daar. God het alles geskep. Hy het ook die mense, Adam en Eva, geskep

Sondeval: Die duiwel het as 'n slang gekom en Adam en Eva verlei om ongehoorsaam te wees aan God. As straf moes Adam en Eva die tuin van Eden verlaat en in die wêreld gaan woon.

Vloed: Jare later het baie mense die aarde bewoon. Die mense wou glad nie na God luister nie, behalwe een man, Noag. God het 'n groot vloed gestuur om almal, behalwe Noag en sy gesin, te vernietig. Die Here het belowe dat daar nooit weer so 'n vloed sou wees nie.

Nasies: Die nasies het weer meer geword en God het besef die mense is besig om net vir hulself te leef. Hy het mense verskillende tale laat praat, sodat almal uitmekaar gegaan het en die hele aarde gaan bewoon het en baie nasies gestig het.

God wou graag weer vir al die nasies wys wie Hy is en wie hulle gemaak het. God wou deur een van die nasies Sy Heerlikheid wys. God kies toe een man, Abraham, en sê vir hom Hy gaan hom 'n groot nageslag gee, so baie soos die sterre in die hemel. Die nasie gaan Israel genoem word en God gaan deur Israel die verlossing bring!! Die Here was getrou en Abraham se nageslag het gegroei. Hy het 'n seun gehad, Isak, wat weer 'n seun Jakob gehad het, wat weer 'n seun Josef gehad het. Josef is as slaaf na Egipte geneem. Die hele volk Israel het hom gevolg en die Israeliete het 400 jaar in Egipte gebly.

God roep toe Moses om Sy volk, die Israeliete, uit Egipte uit te lei na die beloofde land (1250 v.C.) Die volk Israel was nou ±1 miljoen mense. Josua, Moses se opvolger, het die Israeliete gelei om die beloofde land te verower (1250 v.C.) Josua het die Israeliete in twaalf stamme verdeel en aan elf van hulle 'n gebied gegee om in te woon. Die Leviete (die priesters van Israel), het nie 'n land gekry nie. Vir 180 jaar (1200 v.C. – 1020 v.C.) het verskillende leiers die volk gelei. Die tydperk noem ons die Rigterstyd. God was hulle Koning.

Die Israeliete het begin kla dat hulle ook 'n aardse koning wil hê soos al die ander volke. God was baie hartseer hieroor en het hulle gewaarsku teen aardse konings. Hulle het aanhou kla en God het toegelaat dat Samuel die eerste Koning, Saul, salf. Saul is opgevolg deur Dawid, Dawid was die jongste van Isai se agt seuns. God het Dawid Sy vriend genoem. Dawid se seun, Salomo, het weer na hom koning geword.

Salomo het die eerste tempel in Jerusalem gebou. Dertig jaar later het die volk, Israel, as gevolg van ongehoorsaamheid in twee geskeur. Tien van die twaalf stamme het Jerobeam gevolg en die Noordryk, Israel, gevorm. Hulle hoofstad was Samaria.

Die ander twee stamme het Rehabeam as koning gehad en hulle het die Suidryk, Juda, gevorm. Hulle hoofstad was Jerusalem met die tempel daar.

Die Noordryk het negentien konings gehad en is in 722 v.C. deur die Assiriërs verower en verstrooi. Die Suidryk het twintig koning gehad en is in 586 v.C. in ballingskap na Babilonië weggevoer. Die tempel in Jerusalem is vernietig.

Die Persiese koning, Kores, het Babilonië verower. Kores was die Israeliete baie goedgesind en proklameer dat enigeen wat aan God se volk behoort, kon teruggaan na Jerusalem. Die Israeliete is terug na Jerusalem en het begin om die tempel te herbou. Teen 515 v.C. is die tempel herbou. Nehemia is die laaste profeet in die Ou Testament en het opdrag gegee dat die mure om Jerusalem herstel moet word.

Vir 400 jaar was daar stilte en toe stuur God sy Seun, Jesus, om mens te word. Jesus was die Messias wat versoening kom bring het tussen God en die mens, wat die straf vir almal se ongehoorsaamheid kom dra het!

Vragies vir slim oortjies

- Wie was die eerste koning van Israel? (Saul).
- Hoeveel stamme was in die Noordryk en hoeveel stamme was in die Suidryk? (tien en twee).
- Wie het die Suidryk in ballingskap weggevoer? (Babilonië).
- Wie het die eerste tempel laat bou? (Salomo).

Tydlyn van Israel

Terwyl die groepleier oor die tydlyn van Israel praat, kan maats met hulle vinger op die plakkaat die gebeure volg.



Besprekingspunte

- As jy stout is, watse straf gee jou ma/pa jou?
- Wat kan ons doen om ongehoorsaam aan God te wees?
- Wie het die straf vir ons sonde, ongehoorsaamheid aan God, gedra?

Lewensles

Soos Israel is ons almal besig met 'n reis saam met God. Partykeer gaan ons ook deur "woestyne" en anderkere gaan ons deur 'n "land van melk en heuning". Soos Israel moet ons leer wat dit is om gehoorsaam te wees aan Jesus en Sy Woord. Ons weet nie waarnatoe die Here ons gaan vat nie, maar ons weet dat Hy altyd saam met ons sal wees! Soos wat die Israeliete gelei is deur die wolk- en vuurkolom het Jesus vir ons die Heilige Gees en Sy woord gegee om ons te help om Hom te volg.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, lei ons op die regte pad. Waar ons vandag begin met 'n nuwe reeks van Odos, wil ons U vra om elke kind in ons groep te seën en te verseker dat U die lewenspad saam met hulle stap.
Amen

Idees vir vet pret

Jellie-lekkers van voete, om ons te herinner dat ons deur die Bybel gaan stap om God se Woord beter te leer ken.

Kreatiewe aktiwiteit

Laat die kinders 'n stamboom teken om te wys wie hulle ouers, voorouers, boeties en sussies is. Die groepleier kan dalk 'n voorbeeld op die bord teken om die kinders 'n idee te gee van wat verwag word.

Vers vir die week

Jeremia 1: 5
"Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel."

Net vir die lekker

Kom ons hou 'n Bybel-vasvrae. Deel die klas in groepe van so vier maats. Die groep wat eerste 'n hand opsteek, mag die vraag antwoord. As jou groep 'n hand opsteek en nie kan antwoord nie, verloor julle 'n punt!

- Wie was die eerste koning van Israel? (Saul).
- Watter profeet van Israel het die Baalprofete op Karmelberg uitgedaag? (Elia).
- Wat was Moses se broer se naam? (Aäron).
- In watter boek in die Ou Testemant is die wet van God neergeskryf? (Eksodus).
- Wie was die seun wat deur sy broers aan Egiptenare verkoop is? (Josef).
- Abraham moes sy seun gaan offer. Wat was die naam van die seun? (Isak).
- Jakob het by Laban gewerk en is daar met twee susters getroud. Wat was hulle name? (Lea en Ragel).
- Wie was een van die sterkste Israelietiese mans in die Bybel? (Simson).
- Hoe is hy dood? (Hy het die tempelpilare op hom en 'n klomp Fillistyne omgetrek, sodat die dak van die tempel ingeval het).
- Wie was een van die min vroulike leiers van Israel? (Debora).

MY STAMBOOM



Aäron

1

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Eksodus 4:13 – 5: 2

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Werkkaart van Moses met die gebooie
Skêre, gom en inkleurkryte
Melkbottel-lekkertjies
Bolletjies wol (vir elke groep een bolletjie)

Lesinhoud

Moses het 'n broer met die naam Aäron gehad. Hy was 'n Leviet, wat beteken het dat hy van die priesterstam van Israel af was. Die Here het geweet Aäron kon mooi praat en Hy het hom gestuur om Moses te help om met die leiers van Egipte te praat oor die Israeliete. Aäron het sy broer Moses bygestaan deur al die plae in Egipte en ook toe hulle uiteindelik kon trek deur die woestyn.

Terwyl Moses in die woestyn op die berg Sinai geklim het om met die Here te praat, het die Israeliete ongeduldig geword en vir Aäron gesê: "Maak vir ons 'n nuwe god dat hy ons kan lei." Die volk het gedink Moses is dood of het net verdwyn op die berg, omdat hy so lank geneem het om terug te kom. Aäron het hom laat oorreed en vir die Israeliete gesê om al hulle goue oorringe vir hom te bring. Dit is gesmelt en 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf is toe gemaak.

Aäron het 'n altaar vir die beeld gebou en gesê dat daar die volgende dag 'n groot fees vir die kalf sou wees. Op die berg het die Here vir Moses vertel wat besig was om te gebeur en Moses is aangesê om vinnig terug te gaan. God was baie vies oor die Israeliete 'n afgod aanbid het en Hy wou die hele volk vernietig. Moses het egter by God gepleit om die Israeliete te vergewe.

Toe Moses naby die kamp kom en die kalf en die dansery sien, het hy woedend geword en die twee plat klippe met die 10 gebooie op, wat in sy hande was, flenters teen die grond gegooi. Daarna het Moses die goue kalf in die vuur gegooi. Hy het dit tot stof laat verbrand, die stof op water gegooi en die Israeliete die water laat drink.

Moses was ook baie vies vir Aäron. Hy het by die ingang van die kamp gaan staan en gesê: "Wie vir die Here is, kom hier na my toe!" Al die Leviete (wat Israel se priester-stam was), het toe by Moses kom staan.

Israel is gered en hulle het weer gehoorsaamheid aan die Here beloof.

Vragies vir slim oortjies

- Waarvan is die kalf gemaak?
- Hoekom wou die Israeliete 'n nuwe god hê?
- Wie was Aäron se boetie?

Tydlyn van Israel

Aäron is Moses se broer en Israel se eerste priester. Ons vind hom op die tydlyn (1225 v.C.) waar Israel trek van Egipte na die beloofde land.

Kom ons soek AÄRON se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Hoekom voel dit soms vir ons asof God uit ons lewens weg is?
- Het ons vandag nog afgode? Soos wat? (Afgode is goed/dinge wat jou weghou van God af, soos sport, inkopies, geld ens).

Lewensles

'n Afgod is enigiets wat vir ons belangriker geword het as Jesus. Ons mag in hierdie lewe geen afgode hê nie!

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, soms laat ons onsself ompraat deur vriende om slegte dinge te doen. Asseblief maak ons sterk in ons geloof.
Amen

Idees vir VET pret

Melkbottel-lekkertjies (Om ons te laat dink aan die kalf wat Aäron gemaak het).

Kreatiewe aktiwiteit

Terwyl Moses op die berg was om die 10 gebooie te ontvang, het Aäron die volk gelei. Kom ons plak vir Moses met die 10 gebooie in sy hande. Knip die prentjies uit en plak dit vas om soos die eindproduk te lyk.

Vers vir die week

Eksodus 4: 15(b)
"Ek sal by jou wees as jy praat en by hom as hy praat en Ek sal julle leer wat om te doen."

Net vir die lekker

Die klas word in spanne verdeel. Bolle wol wat ewe lank is word aan elke groep gegee. Die eerste ou moet die bol wol afrol en die tweede ou moet dit weer oprol. Daarna word dit so aangestuur. Die aksie word herhaal tot by die laaste speler. Die groep wat eerste keer klaar is, wen.

Aäron





Aäron

VI
VII
VIII
IX
X

I
II
III
IV
V





Bileam

2

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Numeri 22: 3 – Numeri 24

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Jellie-lekkers wat soos lippe lyk
Werkkkaart van Bileam
Skêre, gom en inkleurkryte
Klokkie

Lesinhoud:

Die koning van die Moabiete (Balak) en sy mense was baie bang vir die Israeliete. Balak het toe boodskappers na Bileam gestuur vir hulp. Hy wou hê Bileam moes die Israeliete kom vervloek sodat sy soldate hulle maklik sou verslaan en uit Moab kon verdryf. Balak het geglo dat as Bileam iemand seën, so 'n persoon goeie geluk sou hê, maar as hy iemand vervloek, dit sommer sleg sou gaan met daardie mens. Balak het geglo Bileam was soos 'n waarseêr en hy het 'n beloning vir Bileam saamgestuur, as Bileam sou doen wat hy vra. Toe die leiers by Bileam aankom, sê hy hulle moet oorslaap en dat hy die volgende dag vir hulle sou sê wat die Here vir hom gee om te sê. Daardie aand sê God vir Bileam:

(Numeri 22:12) " Moenie met hulle saamgaan nie. Jy mag die volk nie vervloek nie, want hulle is geseën."

Bileam gee toe die boodskap aan die leiers van Moab en hulle is terug na hul koning toe. Balak wou nie nee vir 'n antwoord vat nie. Hy stuur toe nog belangriker leiers na Bileam. Maar Bileam antwoord: "Selfs al gee Balak vir my sy paleis vol goud en silwer – ek luister na God." Daardie nag sê God vir Bileam dat hy maar saam met die Moabietiese leiers kon gaan, maar dat hy na die stem van God alleen moet luister. Bileam het toe sy donkie opgesaal en hy is saam met die leiers terug na Balak. Die Here se engel het oppad na Moab skielik in die pad verskyn. Die engel het 'n swaard in sy hand gehou. Bileam het niks gesien nie, maar die donkie het van die pad afgeloop, sommer in die veld in. Bileam slaan toe sy donkie terug na die pad toe. Weer verskyn die engel voor die donkie en toe die donkie op die nou pad verby die engel probeer skuur, word Bileam se voet teen 'n muur vasgedruk. Bileam slaan toe weer die donkie sodat hy kon aanbeweeg. Toe het die engel op so 'n nou deel van die pad voor die donkie gaan staan, dat die donkie nie verby kon beweeg nie. Die donkie het toe in die pad gaan lê. Bileam was baie vies en het sommer sy donkie met 'n stok geslaan. Toe laat die Here die donkie praat en die donkie sê vir Bileam: "Wat het ek gedoen dat jy my nou al drie keer geslaan het?" Bileam was so vies dat hy sommer lus was om die donkie dood te maak. Toe praat die donkie weer. "Ek het nog nooit geweier om te loop nie, hoekom dink jy stop ek nou?"

Skielik het Bileam se oë oopgegaan en hy het ook die engel gesien. Toe buig Bileam voor die engel. Die engel praat toe verder: "Bileam, hoekom slaan jy die donkie? Ek het gesien jy is op 'n gevaarlike pad. Die donkie het my gesien en uitgedraai, anders was jy al dood." Bileam erken toe dat hy verkeerd was en sou omdraai as God dit vra. Maar die engel het hom laat voortgaan en gewaarsku dat hy net na die stem van God moes luister.

Balak, die koning van die Moabiete, was baie bly om vir Bileam te sien. Nadat hulle offers vir die Here gebring het, het Bileam gesê wat God aan hom gesê het. God sê Bileam moes die Israeliete seën, nie vervloek nie. Balak was baie ontevrede en hy neem Bileam toe na 'n ander plek. "Vervloek Israel van hier af!" Hy het gehoop op 'n ander plek sou God 'n ander boodskap hê. Maar God sê vir Bileam: "Ek is nie 'n mens dat Ek van gedagte verander nie. As Ek iets belowe, doen Ek dit. Ek wil Israel seën. Geen waarsêery of toordery sal Israel kan skade doen nie."

Balak wou nog steeds nie God se woord glo nie. Hy vat Bileam toe na 'n derde plek toe. Weer sê God:" Geseënd is die wat Israel seën en vervloek die wat hulle vervloek." Balak was woedend. Drie keer het Bileam sy vyande geseën in plaas van vervloek. Hy wou Bileam nie eers betaal vir sy moeite nie. Bileam wou in elk geval nie geld gehad het nie. Hy was oppad terug na sy huis toe, maar vir oulaas (die 4de keer), gee hy vir Balak 'n boodskap van God af. God sê dat Israel nie net vir Moab sou verslaan nie, maar ook baie ander nasies. Daarna is Bileam terug na sy huis.

Vragies vir slim oortjies

- Hoekom het Bileam sy donkie geslaan?
- Hoeveel keer het Bileam die Israeliete geseën?
- Wat was die koning van die Moabiete se naam?

Tydlyn van Israel

Bileam is nie 'n Israeliet nie, maar 'n professionele vervloeker. Ons vind hom op die tydlyn (1210 v.C.) net voor Israel die beloofde land inneem en voor Moses sterf.

Kom ons soek BILEAM se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Dink julle as God iets belowe het, is daar 'n kans dat Hy dit nie sal doen nie? Hoekom nie? (God breek nooit Sy beloftes nie).
- Wat beteken dit as God jou seën? (Hy is by ons, red ons van gevaar. Hy het Jesus vir ons gegee).

Lewensles

Is dit nie wonderlik om te weet dat God ons liefhet en dat niemand ons ooit uit Sy hand kan ruk nie!

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons wil so graag U stem hoor. Help dat ons nie verlei sal word deur mooipraatjies nie, maar sal vashou aan U woord.
Amen

Idees vir VET pret

Jellie-lekkers wat soos lippe lyk. Om ons te herinner aan die donkie wat skielik begin praat het.

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van Bileam. Knip die engel uit. Plak die vlerkies agter op die ruggie. Skryf die vers van die week op die soom van die rokkie neer. Versier die engeltjie.

Vers vir die week

Numeri 22:12
"Maar God het vir Bileam gesê: "Moenie met hulle saamgaan nie. Jy mag die volk nie vervloek nie, want hulle is geseën."

Net vir die lekker

Kinders sit almal op die mat met toe ogies. Juffrou sluip saggies rond en lui dan baie sag 'n klokkie. Die kinders moet (sonder om te kyk) beduie in die rigting vanwaar die klokkie lui. Bileam wou nie luister vir God se stem nie en ons moet ook soms mooi luister om die "regte" stem te hoor!

Bileam

Debora

3

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Rigters 4 en 5

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Melkbottel-lekkertjies
Werkkaart van Debora
Skêre, gom en inkleurkryte
'n Klein persentjie of kissie – die "skat"

Lesinhoud:

Op 'n tyd het Israel 'n vrou vir 'n leier gehad. Haar naam was Debora en sy was 'n profetes. Sy het vir Barak, die hoof van Israel se soldate, 'n boodskap van God gehad. Hy moes met 10 000 soldate teen Sisera gaan veg. Barak wou hê Debora moes saamgaan na die veldslag. Sy het ingestem, maar het verder gesê dat Barak dan nie die eer van die veldslag sou kry nie, maar dat die eer na 'n vrou sou gaan.

Tydens die geveg het die Here Sisera en sy strydwabemanning en sy hele leër baie bang laat word en Sisera het van sy strydwa af gespring en te voet verder gevlug, terwyl Barak en die Israeliete hulle aangeval het.

Tydens sy vlugtog het Sisera by die tent van Geber en sy vrou Jael uitgekom. Jael het Sisera ingenooi en gesê: "Moenie bang wees nie." Sy het hom toe in haar tent agter 'n gordyn weggesteek. Toe Sisera dors was, het Jael vir hom melk gegee, en hom weer versteek.

Sisera het vir Jael gesê sy moet wagstaan by die tentdeur en as daar iemand kom vra na hom, moes sy sê daar is niemand nie. Sisera was moeg na sy vlugtog en het vas geslaap. Jael het toe 'n tentpen gevat en met 'n hamer in haar hand suutjies na Sisera gesluip. Toe slaan sy die tentpen deur sy kop, so hard dat die pen in die grond gesteek het. En so is Sisera dood.

Barak was nog besig om vir Sisera te soek, toe Jael na hom kom en sê: "Ek sal jou die man wys wat jy soek." En daar lê Sisera – morsdood. Sy hele leër is ook deur die Israeliete vernietig. Debora was reg, die eer van die oorwinning het aan 'n vrou, Jael behoort.

Daarna het die volk vir Barak en Debora geprys met lofliedere.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was die naam van die leier van Israel, wat 'n vrou was?
- Wat was die naam van die vrou wat vir Sisera doodgemaak het?
- Dink julle sy was bang toe Sisera net by haar opdaag? Hoekom?

Tydlyn van Israel

Die Rigterstyd strek van (1200 v.C. tot 1020 v.C.) na Josua tot die eerste Koning Saul. ‘n Rigter was ‘n leier van Israel wat toegesien het dat reg en billikheid in die samelewing geskied. Debora was ‘n rigter. Ons vind haar plek op die tydlyn (1125 v.C.) tydens die Rigterstyd.

Kom ons soek DEBORA se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Partykeer gebruik God mense wat sommer swak lyk, maar vir hom ‘n werk kan doen. Soos wie in die Bybel? (Samuel, Gideon, Josua)
- Hoekom gebruik God soms mense wat swak is in die wêreld se oë om belangrike werk vir Hom te doen? (Sodat Hy daardeur verheerlik kan word).
- Is daar nog plekke in die wêreld waar meisies minder tel as seuns? Waar? (Afghanistan, Shina, Arabië).
- Is dit so in God se oë dat party mense meer werd is as ander?

Lewensles

Mense het in die Bybelse tyd gedink vrouens is swak. God wys ons dat hy ons gesindheid raaksien, nie of ons swak of sterk is nie.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, maak ons kalm wanneer dit moeilik gaan. Dankie dat ons weet ‘n vrou, ‘n man, ‘n kind en ‘n koning is ewe belangrik in U oë.
Amen

Idees vir VET pret

Melkbotteltjie-lekkers. Jael het vir Sisera melk gegee toe hy dors was, sodat hy moes dink sy is baie goed vir hom.

Kreatiewe aktiwiteit

Ons maak ‘n 3-D-kruis om te wys dat God met ons is, net soos Hy by Debora was. Knip die kruis-werkkaart uit, kleur in en voeg die stukke aanmekaar sodat jou kruis regop kan staan. Debora kon goeie raad gee, omdat God by haar was.

Vers vir die week

Rigters 4:9:
“Sy het toe vir hom gesê: Goed, ek sal saamgaan, maar jy sal nie die eer vir die veldtog kry nie: die Here sal vir Sisera aan ‘n vrou uitlewer.”

Net vir die lekker

Juffrou steek voor die tyd ‘n “skat” in die klas weg. Die kinders moet in die klas na die skat soek. Hulle mag een-een vir juffrou vra: “Is ek warm of koud?” Lou beteken dat hy in die regte rigting beweeg. Die speler wat die skat eerste opspoor, kan dit dan weer wegsteek, terwyl die ander oë toehou of uit die klas gaan vir ‘n paar sekondes.

Debora



Eli

4

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

1 Sam 2:12

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Biltong
Werkkaart van Eli
Inkleurkryte
Reuksakkies – laventel, kaneel, peper, suurlemoen ens.

Lesinhoud

Eli was die hoëpriester van Israel, maar Eli se seuns was slegte mense. In daardie tyd was dit die gebruik dat wanneer iemand ‘n offer gebring het, die priester se slaaf ‘n drietand vurk reghou. Wanneer die offervleis dan gekook het, steek hy die vurk in die pot in. Alles wat die vurk opgetrek het, kon die priester dan vat om te eet. Maar Eli se seuns het hulle slaaf voor die tyd gestuur om selfs rou vleis te kies wat nog nie eers in die pot was nie. En wanneer mense nie vleis wou gee nie, is hulle sommer gedreig. Die Here was baie vies hieroor, want Eli se seuns se gedrag het veroorsaak dat mense nie meer offers wou bring nie.

Eli was al baie oud en die volk het hom gereeld kom vertel watse slegte goed sy seuns doen. Wanneer hy met sy seuns daaroor gepraat het, het hulle nie na hom geluister nie. Op ‘n dag het daar ‘n man van God by Eli gekom en vir hom ‘n boodskap van God gebring. Dit was nie ‘n lekker boodskap vir Eli om na te luister nie. God het besluit om die priesterskap van Eli en sy familie af weg te vat. God sê verder dat niemand in Eli se familie oud sou word nie. Hofni en Pinehas, Eli se twee seuns, sou boonop op dieselfde dag sterf. God sou self ‘n nuwe hoëpriester aanstel. God vertel aan Samuel, Eli se helper in die tempel, dat Eli se familie gestraf gaan word. Ook het Eli nie sy seuns gestraf nie en dit was nie reg in God se oë nie. Nadat Eli hom uitgevra het, het ook Samuel God se boodskap van slegte nuus vir hom en sy seuns aan Eli oorgedra. Eli het net gesê: “Hy is die Here, laat Hom doen soos Hy wil.”

Op ‘n keer het Israel teen die Filistyne gaan oorlog maak en Israel is deur die Filistyne verslaan. Die leiers van Israel het toe besluit om die verbondsark te gaan haal, sodat God by hulle sou wees. Eli se seuns, Hofni en Pinehas, was ook by. Toe die verbondsark in die laer kom, het die Israeliete baie hard geskreeu. Die Filistyne het toe die geskreeu gehoor en bang geword. Hulle leiers het egter gesê: “Gedra julle soos manne en veg!” Weer is die Israeliete aangeval en verslaan. Altesame 30 000 van Israel se soldate is doodgemaak, die ark is gevat en ook Eli se twee seuns is doodgemaak.

‘n Boodskapper het terug gehardloop van die slagveld af om te vertel wat gebeur het. Eli het langs die pad op ‘n stoel gesit en wag vir nuus omdat hy bekommerd was oor die ark van God. Eli was 98 jaar oud en kon nie meer goed sien nie. Toe Eli die slegte nuus hoor, het hy agteroor van sy stoel afgeval. Hy het sy nek gebreek en gesterf.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was Eli se twee seuns se name?
- Het Eli ooit met hulle gepraat oor hulle slegte dade?
- Dink julle God het ook vir Eli gestraf?

Tydlyn van Israel

Eli was 'n hoëpriester van Israel. Ons vind hom op die tydlyn (1125 v.C.) tydens die Rigterstyd.

Kom ons soek ELI se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Is ons party keer stout?
- Luister jy altyd as jy raas kry?
- Dink jy God het vir Mamma en Pappa gesê om streng te wees met kinders?
- Watse straf kry julle by jou huis?

Lewensles

Die Here het vir ons pappas en mammas gegee om ons te leer wat reg en verkeerd is, daarom moet ons na hulle luister as hulle met ons praat.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, dit is soms vir ons baie moeilik om na raad te luister. Maak ons harte asseblief oop vir goeie raad en leiding.
Amen

Idees vir VET pret

Dalk biltong, soos die rou vleis wat Eli se seuns die priesters laat kies het. Terwyl God se wette gesê het dit moet gaar vleis wees en ook net vleis wat die vurk raak steek.

Kreatiewe aktiwiteit

Skryf 'n reël hier neer wat altyd in jou huis geld. Versier die raam en plak dit sommer op julle yskas.

Vers vir die week

1 Sam 2: 30(b)
"Maar nou sê Ek, die Here: Dit sal nie gebeur nie, want die een wat My eer, sal Ek eer, en die een wat My minag, sal Ek minag."

Net vir die lekker

Maak sakkies met 'n paar verskillende "reuke" in. Klein materiaal geskenksakkies werk goed. Deel die klas in groepe. Elke groep kry kans om aan die sakkies te ruik en dan neer te skryf wat hulle geruik het. Die groep wat die meeste reuke reg het, wen. Idees vir reuksakkies is bv. laventeltakkies, peper, nartjieskille, suurlemoen, vaniljepeule, petrol/diesel, kaneel, sjokolade, knoffel of enigiets anders wat 'n definitiewe reuk het.

Eli

Absalom

5

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

2 Sam 13 – 2 Sam 19:8

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

"Liquorice" stringe
Werkkaart van Absalom
Wol (bruin/swart/geel)
Skêre, gom en inkleurkryte

Lesinhoud

Dawid het 'n seun gehad met die naam Absalom. Hy was 'n baie aantreklike man, met 'n pragtige bos hare. In die geheim wou Absalom die koningskap oorneem van Dawid. Hy was baie vriendelik met al die Israeliete en het so skelm planne gemaak om Dawid te onttroon. Absalom het baie van die Israeliete oortuig om hom te steun. Toe Dawid van hierdie opstand uitvind, het hy en sy manskappe van die paleis af gevlug. Die Here was egter nie tevrede met Absalom se planne nie. 'n Geveg tussen 'n vader en sy seun dra nie God se goedkeuring weg nie!

Absalom was Dawid se seun en Dawid was nog steeds lief vir hom en daarom het hy vir sy offisiere voor die geveg gesê:

"Werk om my ontwil tog saggies met my kind Absalom." (2 Sam 18:5b)

Tydens die geveg het Dawid se manne afgekom op Absalom, waar hy op 'n muil gery het. Die muil het onder die digte takke van 'n groot akkerboom deurgehardloop, en Absalom se kop het in die boom vasgehak. Die muil waarop hy gery het, het aangehou hardloop en Absalom het in die lug aan sy hare bly hang!

Die soldaat van Dawid se leër, wat vir Absalom so sien hang het, wou hom nie doodmaak nie, omdat hy Dawid se woorde aan die offisiere gehoor het. Hy het toe vir Joab, die hoof van die soldate, gaan vertel wat hy gesien het. Joab wou egter nie tyd mors nie en het drie spiese gegryp en dit deur Absalom se hart gaan steek, waar hy nog lewendig aan die boom gehang het. Absalom se lyk is in 'n diep gat in die bos gegooi en Dawid se soldate het 'n groot hoop klippe op hom gepak. Twee boodskappers is toe gestuur om die nuus van die einde van die geveg en van Absalom se dood, aan koning Dawid te gaan oordra. Maar vir Dawid was die oorwinningsdag 'n dag van trane. Hy was baie hartseer oor sy seun, Absalom, se dood.

Dawid was nou weer die onbetwiste koning van Israel.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was Dawid se oudste seun se naam?
- Hoe is hy dood?
- Hoe het Dawid oor Absalom se dood gevoel?

Tydlyn van Israel

Absalom was koning Dawid se seun. Ons vind hom op die tydlyn (1000 vC.) tydens koning Dawid se heerskappy.

Kom ons soek ABSALOM se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Dink julle Dawid was lief vir sy seun?
- Dink julle Absalom het dit geweet?
- Hoe dink julle het Koning Dawid gevoel toe hy hoor Absalom skinder agter sy rug en beplan 'n opstand teen hom?

Lewensles

Die Here wil nie hê dat sy kinders agter ander mense se rug skinder of van hulle praat nie.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, dankie vir aardse ouers wat ongelooflik lief is vir ons. Dankie dat ons weet ons Hemelse Vader se liefde vir ons alle verstand te bowe gaan.
Amen

Idees vir VET pret

"Liquorice"-stringe om ons te herinner aan die lang hare van Absalom.

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van 'n gesig. Plak wol vir lang hare en teken Absalom se gesig by.

Vers vir die week

2 Sam 19:4
"Die koning het sy gesig toegehou en hardop uitgeroep: "My seun Absalom; Absalom, my seun, my seun!"

Net vir die lekker

Spelers gaan staan twee-twee voor mekaar en sê: "Hallo Absalom!" Jy moet probeer om glad nie te lag nie. Die een wat aan is, kan sy stem snaaks maak of snaakse gesigte trek, maar hy moet nog steeds sê: "Hallo Absalom!" Die wat lag is uit. As jou maat uit is, maak nuwe maats totdat almal 'n beurt gehad het.

Absalom



Batseba

6

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

2 Sam 11: 3 – 12: 24

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Geweertjie-jellielekkers
Werkkaart van Batseba
"Sunlight Liquid"
Klein bakkies (1 per groep)
Strooitjies
Blou voedselkleursel

Lesinhoud

Koning Dawid het eendag, na sy middagslapie, op die dak van die paleis gaan rondstap. Van die dak af het hy 'n baie mooi vrou sien bad. Dawid het in die paleis uitgevra oor wie die vrou is. Iemand sê toe: "Dit is Batseba, die dogter van Eliam. Sy is die vrou van Urija die Hetiet."

Dawid het uitgevind dat Urija een van sy soldate was en dat hy op daardie oomblik besig was, om vir hom (Dawid) te veg teen Israel se vyande. Dawid het toe vir Batseba na die paleis laat kom. Dawid het verlief geraak op Batseba en sy het swanger geword.

Dawid was baie bekommerd, want hy het geweet Batseba is 'n ander man se vrou. Dawid stuur toe 'n brief aan sy hoof van die soldate waarin gestaan het: "Gee vir Urija 'n plek heel voor waar die geveg op sy ergste is. Los hom dan vir 'n rukkie alleen sodat hy sneuwel (dood gemaak word) in die geveg."

Alles het toe presies so gebeur en Urija is dood. Batseba was hartseer oor haar man se dood. Nadat sy klaar gerou het, soos wat die gebruik in daardie tyd was, het Dawid haar na die paleis laat kom en sy het sy vrou geword. 'n Seuntjie is vir hulle gebore.

Maar wat Dawid gedoen het, was verkeerd in die oë van die Here.

Die Here het 'n profeet, Natan, na Dawid gestuur om hom van sy verkeerde dade te vertel. Dawid het in der waarheid vir Urija laat vermoor en toe nog sy vrou ook gevat! Dawid beken toe aan Natan: "Ek het gesondig." Hy was baie jammer oor sy sonde.

Dawid se straf was dat hul seuntjie sou sterf. Die seuntjie het ernstig siek geword. Dawid het vreeslik hard gebid en gehuil. Hy het gevas (opgehou eet), nie gebad nie en op die grond gelê. Al sy amptenare het hom probeer oorreed om op te staan, maar hy wou nie. Op die sewende dag het die seuntjie gesterf. Koning Dawid se amptenare was baie bang om vir hom te gaan vertel die seuntjie is dood. Dawid was reeds so hartseer net omdat die kind siek was, wat sou hy doen noudat die kind dood is! Dawid het agtergekom dat daar 'n gefluister is. "Is die kind dood?" het hy gevra. En hulle het: "Ja" geantwoord.

Dawid het opgestaan, gaan bad en aangetrek en God gaan aanbid. Toe hy daarna by die paleis kom, het hy vir kos gevra. Sy amptenare was verstom. Toe die kind nog gelewe het, het Dawid gehuil. Noudat die kind dood is, gaan hy aan met sy lewe. Dawid antwoord hulle: "Maar nou is hy dood. Waarom moet ek nog vas? Kan ek hom na my toe laat terugkom? Ek gaan na hom toe; hy kan nie na my toe terugkom nie." (2 Samuel 12: 23).

Daarna het Dawid sy vrou Batseba getroos. 'n Ruk later het sy nog 'n seuntjie gehad.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was die mooi vrou se naam?
- Het Dawid regtig haar man vermoor?
- Watse werk het Batseba se man gedoen en vir wie het hy gewerk?

Tydlyn van Israel

Batseba was koning Dawid se vrou. Ons vind haar op die tydlyn (1000 v.C.) tydens koning Dawid se heerskappy.
Kom ons soek BATSEBA se plekkie op die tydlyn van Israel



Besprekingspunte

Ons kan niks vir God wegsteek nie.

- Kan ons goed in die geheim doen?
- Soos wat?
- Sien God al ons geheime raak?
- Weet God selfs wat ons dink?
- Kan God groot goed soos moord vergewe?

Lewensles

God kan enige sonde vergewe, hoe groot of hoe klein ook al.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, al ons sondes is sigbaar voor U. Gee dat ons eerlik en opreg sal wees wanneer ons berou het oor ons sondes.
Amen

Idees vir VET pret

Geweertjie-jellielekkers (Urija was dood in 'n geveg – al was dit nie met gewere nie).

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van Batseba. Meng blou voedselkleursel met water en "Sunlight Liquid". Gooi in verfhouers. Elke kind kry 'n strooitjie. Blaas in houertjies totdat borrels bo-op die bakkie verskyn. Druk jou prentjie bo-op die bakkie-borrels en maak so "borrels " op jou prent. Herhaal 'n paar maal. Vul houers weer aan soos die verf opraak. Maak seker die maats blâås in die strooitjies in.

Vers van die week

2 Sam 12:23
"Maar nou is hy dood. Waarom moet ek nog vas? Kan ek hom na my toe laat terugkom? Ek gaan na hom toe; hy kan nie na my toe terugkom nie."

Net vir die lekker

Hierdie is ‘n stomstreke-speletjie, waar die juffrou drie bewegings maak, fladderbewegings soos ‘n voël, springbewegings soos ‘n bok of kronkelbewegings (met jou hande) soos ‘n vis. Juffrou vra dan aan ‘n maat, “sy naam is....” En die kind antwoord dan die naam van ‘n voël, bok of vis. As die speler weifel, of die verkeerde naam sê, is hy uit. Jy kan ook nie iets sê wat ‘n vorige speler alreeds gebruik het nie.

Batseba



Salomo

7

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

1 Konings 3 - 4: 3

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

"Jelly Baby"-lekkertjies
Werkkaart van Salomo
Karton om bande vir krone mee te maak
"Glitter"
Skêre, gom en inkleurkryte
'n Bol wol

Lesinhoud

Salomo was Koning Dawid en sy vrou Batseba se seun. Hy was nâ Dawid die Koning van Israel. Salamo het alles gedoen wat sy pa, Dawid, hom geleer het. In Gibeon het Salomo 'n droom gehad "Wat wil jy hê moet Ek jou gee?" het God gevra (1 Kon 3:5). Salomo antwoord toe dat hy nog jonk en onervare was en hy vra God vir wysheid (om slim besluite te neem).

God was trots op wat Salomo gevra het. Omdat hy nie gevra het vir 'n lang lewe, of rykdom, of die dood van sy vyande nie, het God sy wens laat waar word. Insig en wysheid is aan Salomo gegee, maar ook rykdom en aansien. Indien hy gehoorsaam was aan God, sou hy ook 'n lang lewe hê. Salomo het besef dit was God self wat in sy droom met hom gepraat het.

Op 'n keer het twee slegte vrouens met 'n probleem na die koning toe gekom. Hulle het in dieselfde huis gebly en het drie dae na mekaar elk 'n baba gehad. Een nag is een van hulle se baba dood (sy het hom dood gelê). Hierdie mamma staan toe in die nag op, vat die ander mamma se baba terwyl dié slaap, en ruil die twee babas om. Die volgende oggend kry die een mamma net 'n dooie baba. Toe sy die baba goed bekyk, besef sy dit is nie haar baba nie. Maar die ander vrou sê toe ook: "Nee, die een wat lewe is myne. Dis jou seuntjie wat dood is." So het die twee toe na die koning gekom om te hoor wie reg is. Toe beveel Koning Salomo: "Bring vir my 'n swaard!" Hy sê toe: "Sny die kind wat lewe in twee stukke en gee vir elkeen van hulle 'n helfte!"

Een van die mammas begin toe pleit: "Asseblief, gee die seuntjie maar vir die ander vrou. Moet hom net nie doodmaak nie!" Maar die ander vrou sê: "Nee, knip hom middeldeur!" Salomo sê toe:"Moenie die kind doodmaak nie, gee hom vir hierdie vrou (die een wat die baba wou laat lewe). Sy is die regte ma. Wat 'n slim koning!

Almal in Israel kon sien dat Salomo wysheid van God gekry het. Hy het 3 000 spreuke uitgedink en 1 005 liedere geskryf. Hy het ook gedigte geskryf oor diere, voëls, reptiele en visse. Van oral af het mense gekom om na sy wysheid te luister.

Vragies vir slim oortjies

- Waarvoor het Salomo vir God gevra ?
- Hoe het Salomo geweet wie is die ma van die baba?
- Ken een van julle enige spreuke van Salomo ?(Lees 'n paar voor).

Tydlyn van Israel

Salomo was Dawid se seun by Batseba en ook sy opvolger as koning. Salomo is die koning wat die eerste tempel gebou en dit voltooi het in 945 v.C. Ons vind hom op die tydlyn (965 v.C.) net voor die ryk van Israel in twee geskeur het.

Kom ons soek SALOMO se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- As God vir jou 'n wens gee, waarvoor sal jy wens?
- Wat dink jy sal die meeste mense voor wens? Hoekom?
- Dink jy ryk mense is altyd gelukkig? Hoekom nie?

Lewensles

Mense dink soms die lewe gaan oor hoeveel goed jy bymekaar kan maak. Salomo leer ons dat om die Here te dien en lief te hê, die belangrikste ding in ons lewens moet wees.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, dankie vir slim mense in ons lewens wat ons op die regte pad kan hou. Gee ons leiers asseblief wysheid om na U wil te regeer.
Amen

Idees vir VET pret

"Jelly Baby" wat jy in twee kan knip.

Kreatiewe aktiwiteit

Salomo was 'n baie wyse koning. Knip die kroon uit, versier dit en plak dit op 'n band om 'n kroon vir jouself te maak. Dit kan ons herinner om altyd mooi te dink (wys te wees) voor ons sommer net praat!

Vers vir die week

1 Kon 3:9
"Gee my die gehoorsaamheid aan U dat ek U volk reg sal regeer en in alles insig sal hê, want wie kan uit homself hierdie groot volk van U regeer!"

Net vir die lekker

Neem 'n bol wol. Ons gaan iets meet. Elke kind moet so 'n lang of kort stuk afknip soos hy dink hy gaan nodig kry. Ons kan dalk ons middels of neuse of arms of voete of iets in die klas meet. Wanneer almal hulle stukkies het, sê: "Meet nou die maat langs jou se pols." Die wenner is die een wie se stukkie wol die naaste aan reg is.

Salomo



Jerobeam

8

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

1 Konings 11: 26 - 12: 10

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

"Jellybeans"
Werkkaart van Jerobeam
Geel/goue verf
Verfkwaste en houers
'n Stuk lap wat maklik sal skeur

Lesinhoud

Jerobeam was 'n belangrike onderdaan van Salomo en het teen die koning in opstand gekom. Hy wou baie graag die nuwe koning word. God stuur toe 'n profeet na Jerobeam. Die Profeet (Agija) het 'n nuwe mantel aangehad. Hy skeur toe die mantel in 12 stukke en sê vir Jerobeam: "Die Here sê jy moet vir jou 10 stukke materiaal vat, want Hy gaan Israel net so verdeel. Twee stamme sal by Salomo bly, maar 10 stamme sal na jou (Jerobeam) toe gaan."

God het dit so beplan, omdat Salomo begin het om afgode, onder andere Astarte, te aanbid. Toe Salomo hiervan uitvind, wou hy Jerobeam laat doodmaak. Maar God belowe aan Jerobeam, dat as hy doen wat reg is, God hom sou beskerm. Jerobeam het na Egipte gevlug en daar gebly tot hy gehoor het Salomo is oorlede en sy seun Rehabeam is nou koning. Rehabeam wat nou koning was, het raad gevra by die ouer mense oor hoe hy die volk moet regeer – maar hy wou hom nie steur aan hul raad nie. Hy het die raad van sy vriende gevolg en vir die volk gesê: "Ek gaan 'n swaarder juk op julle sit as my pa Salomo, ek sal julle ook nog slegter behandel."

Toe het 10 van die stamme van Israel vir Jerobeam gekies as leier. Rehabeam was ontevrede. Hy wou teen Jerobeam veg om koning te wees oor die hele Israel. God stuur toe aan hom 'n boodskap: "Moenie gaan veg teen julle broers nie, Ek het Jerobeam gekies." Rehabeam het na God se stem geluister.

Jerobeam (koning van die 10 stamme) was bang dat die Israeliete vir koning Rehabeam (Salomo se seun) sou kies, om oor die hele Israel te regeer, omdat hulle nog steeds na die tempel in Jerusalem gegaan het. Toe laat maak hy twee goue kalwerbeelde – maar hierdie beelde het tot afgodsaanbidding en sonde gelei.

'n Man van God het by die afgode-altaar met Jerobeam gaan praat. Hy het 'n boodskap van God gebring. "Hierdie altaar sal uitmekaar spat en op die grond val!" Jerobeam het probeer om die man vas te gryp, maar die hand wat hy uitgesteek het, het styf geword. En die altaar het inmekaar geval! Jerobeam het die man gesmeek om tot God te bid om sy hand weer reg te laat word. Nadat die man gebid het, het Jerobeam se hand gesond geword.

Jerobeam het hom hierna steeds nie van sy verkeerde pad bekeer nie. Hy was nog ongehoorsaam aan God.

Vragies vir slim oortjies

- Wie was die twee konings wat na Salomo oor Israel en Juda regeer het?
- Hoe het die profeet Agija vir Jerobeam gewys hoeveel stamme God vir hom gegee het?
- Wat het met Jerobeam se hand gebeur?

Tydlyn van Israel

In 925 v.C. skeur Israel (wat uit 12 stamme bestaan het) in twee ryke. Die Noordryk het uit 10 stamme bestaan en hulle het hulself Israel genoem. Die Suidryk het uit twee stamme bestaan en hulle het hulself Juda genoem. Jerusalem was deel van die Suidryk, Juda, so die tempel was in die suide.

Jerobeam was 'n onderdaan van Salomo en hy het later koning geword van die Noordryk, Israel. Ons vind hom op die tydlyn (965 v.C.) waar die ryk skeur.

Kom ons soek JEROBEAM se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Luister julle altyd vir ouer mense? Soos juffrou, Mamma en Pappa?
- Dink julle vriende se raad is soms beter as ouer mense s'n?
- Watse goeie raad het jy al by oupa en ouma gekry oor die lewe?

Lewensles

Spreuke sê dit is 'n wyse man wat na die raad van wyse mense luister maar 'n dwaas volg sy eie kop. Moenie dwaas (dom) wees nie, luister na ander mense, soos jou ouers, se raad.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, help ons om respek te hê vir ouer mense se raad en wysheid.
Amen

Idees vir VET pret

Skeur 'n stuk lap in 12 stukke voor die kinders. Hulle kan saam met jou tel totdat daar 12 stukke is. Elke kind kan dalk 'n stukkie lap kry om in hulle Bybels te bere. Dit kan ons herinner aan die skeuring in die ryk van Israel. 'n Skeuring is nooit vir God lekker nie.

Gee vir elke kind 12 "Jellybeans." Die volk was nou nie meer een nie, maar verdeel.

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van 'n kalf. Verf die kalf geel/goud om te lyk soos die goue kalf wat Jerobeam gemaak het vir die volk. God hou nie daarvan as ons enige iets of iemand anders aanbid nie.

Vers vir die week

1 Konings 11: 37
"Ek gaan jou as koning aanstel, soos dit jou hartsbegeerte is. Jy sal oor Israel regeer"

Net vir die lekker

Almal staan in twee groepe aan weerskante van die klas, met toe oë. Wanneer juffrou so sê, begin stadig na mekaar toe loop. Wanneer jy teen iemand bots, moet julle mekaar vrae begin vra totdat jy weet teen wie jy gebots het. Jy mag nie name vra nie en jy kan jou stem vermom. Jy moet die regte antwoorde gee! As jy regtig nie weet teen wie jy gebots het nie, gee oor! Juffrou kan so effens lei totdat almal 'n maat het.

Jerobeam



Rehabeam

9

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

1 Konings 11: 42 – 14: 31

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Outydse lekkers of lekkernye (Sien VET pret)
Werkkaart van Rehabeam
Inkleurkryte
'n Rol toilet papier (1 rol per groep)

Lesinhoud

Na koning Salomo se dood, het sy seun Rehabeam hom opgevolg as koning oor Israel. Toe Jerobeam (wat na Egipte toe gevlug het), van Salomo se dood hoor, het hy dadelik vir Rehabeam gevra om hom goedgesind (vriendelik met hom), te wees.

Rehabeam het toe raad gevra by die ouer mense wat nog vir Salomo gewerk het. Hulle sê toe: " As jy goed is vir Jerobeam en sy mense sal hy en sy volk onderdanig wees aan jou as koning." (Hiervan het ons laas week ook 'n bietjie geleer.)

Maar Rehabeam het glad nie na die raad van die ouer mense geluister nie en vir verdere (nog) raad gevra by sy vriende. "Nee wat, jy moet baie strenger wees en Jerobeam en sy mense baie slegter behandel as wat jou pa ooit het," was die nuwe raad. Koning Rehabeam het die raad van die ouer mense in die wind geslaan en na sy vriende se raad geluister en dit gevolg. Tien van die 12 stamme van Israel (saam met Jerobeam) het toe in opstand gekom teen die koningshuis van Dawid, omdat hulle so sleg behandel is.

Die 10 stamme was woedend vir koning Rehabeam. Die hoof van sy slawe is met klippe doodgegooi en koning Rehabeam het net-net met sy lewe ontsnap. Jerobeam is toe koning gemaak oor Israel (10 stamme) en Rehabeam was koning oor Juda (twee stamme). Rehabeam was baie lus om oorlog te verklaar, maar God het hulle gewaarsku om nie teen hulle eie broers op te trek en te veg nie.

Rehabeam was 41 jaar oud toe hy koning geword het en hy was 17 jaar lank die koning in Jerusalem. Maar Juda het goed gedoen waarvan God nie gehou het nie. Op elke hoogte en op elke hoë heuwel, was daar afgodsbeelde. Juda het dieselfde afskuwelike sondes gedoen as die volke wat hulle uit hierdie land verdryf het.

Rehabeam was nie 'n koning na God se hart nie en daarom het God die Egiptenare gestuur om die land aan te val.

Die koning van Egipte het teen Jerusalem opgetrek en skatte uit die tempel gevat. Hulle het selfs die goue skilde wat Salomo vir die tempel wagte laat maak het, gesteel. Rehabeam het toe maar bronsskilde in die ander se plek laat maak. Deurentyd was daar vyandskap tussen Rehabeam en Jerobeam. Met Rehabeam se dood het sy seun, Abia, hom opgevolg.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was die name van die twee konings van die Noodryk en die Suidryk?
- Wat was die ouer mense se raad?
- Wat was die jonger mense se raad?
- Watter een van die twee se raad het die koning gevolg?

Tydlyn van Israel

Rehabeam was Salomo se seun wat koning was van die Suidryk, Juda. Ons vind hom op die tydlyn (900 v.C.) waar die ryk skeur.

Kom ons soek REHABEAM se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

Lees Romeine 12: 20 vir agtergrond.

- Wat was die gevolge toe Rehabeam die mense sleg behandel het?
- Is jy al sleg behandel deur iemand?
- Hoe het dit jou laat voel?
- Wat het jy daaraan gedoen?

Lewensles

Vra die Here vir raad, nie jou vriende nie. Die Here verwag van ons dat ons alle mense regverdig sal behandel.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons vriende se opinie is soms vir ons baie belangrik. Ons wil graag vir U tevrede stel. Help ons asseblief om U raad met alles in ons lewens te vra en te volg.
Amen

Idees vir VET pret

Watse lekkertjie hou jou ouma en oupa baie van? Kom ons eet iets waarvan die ouer, wyser mense dalk baie van sou hou. Krimpvarkies of konfyttertjies of een of ander "outydse" lekkerny kan werk.

Kreatiewe aktiwiteit

Gesels met die maats oor raad wat hulle Oupa of Ouma altyd gegee het. Elkeen moet goeie raad van Oupa of Ouma neerskryf. Versier die werkkaart en plak dit op in jou kamer. As hulle aan geen raad kan dink nie, moet hulle dit huis toe neem en daar vir Oupa of Ouma uitvra.

Vers vir die week

1 Koning 12: 8
"Maar hy het die raad wat die ouer mense hom gegee het, in die wind geslaan en die raad gevra van die jonger manne wat saam met hom grootgeword het en in sy diens was."

Net vir die lekker

Deel die kinders in groepe van so vyf of ses kinders in. Elke groep kry ‘n rol toiletpapier. Een ou is ‘n Egiptiese mummie en die ander moet hom so vinnig moontlik met toiletpapier toedraai totdat hy soos ‘n mummie lyk. Niks mag uitsteek nie! Dit was die Egiptenare wat die tempel se skilde in Jerusalem kom steel het toe Rehabeam die koning van Juda was. Die groep wat eerste klaar is, is die wenners.

Rehabeam



Die beste raad van my oupa en ouma is

_____.

Josafat

10

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

2 Kronieke 20:1-30

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Suigstokkies (met iets binne-in soos kougom)
Werkkaart van Josafat
Bordkryt of sponsie met min verf op
Prestik
A4 papier

Lesinhoud

'n Groot klomp volke het oorlog teen Josafat en die stamme van Juda gemaak. Josafat was al 'n ouerige koning en baie van die volke was nie meer skrikkerig vir hom en Juda nie. Josafat was bang en het by die Here hulp gesoek. Die volk het vir 'n dag gevas en baie hard vir hulp gebid. Josafat het in die tempel, reg voor die voorhof, tot God gaan bid vir uitkoms. Hier het Josafat uit sy hart uit tot God gebid. Een van die manne het toe 'n boodskap van God gekry.

2 Kronieke 20:15(b)
"Moenie vrees nie, moenie bang wees vir hierdie groot menigte nie, want hierdie oorlog is nie 'n saak vir julle nie, maar vir God".

Verder sê God dat hulle die vyand tegemoet moet gaan (nader gaan). Hulle moes nie veg nie, net staan en kyk hoe God hul vyand oorwin (wen). Josafat het die mense ook moed ingepraat en gesê om op God te vertrou. Sangers het voor die soldate uitgeloop en gesing vir God.

Skielik het ander volke, voor hul oë, Israel se vyand aangeval – en toe daar niemand oor was om teen te veg nie, het die volke met mekaar begin baklei. Toe die Israliete by die uitkykpunt aankom, waar hulle die vyand sou sien, lê daar net lyke waar jy kyk! Op die slagveld was daar net dooie soldate.

Die Judëers kon daar en dan al die buit (goed soos wapens en juwele en klere) bymekaar maak. Daar was so baie goed dat hulle drie dae gewerk het om alles bymekaar te maak. Dit was so baie dat hulle dit skaars kon wegdra!

Al die manne is toe met blydskap terug na Jerusalem. Die ander koninkryke was verskrik en baie bang omdat God teen hulle oorlog gemaak het. Die res van Josafat se koningskap was rustig. God het hom die geskenk van vrede in sy ryk gegee.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was die koning van Juda in hierdie storie se naam
- Wie het teen Juda se vyande geveg?
- Was daar min of baie buit? Hoe weet jy dit?

Tydlyn van Israel

Josafat was koning van die Suidryk, Juda. Ons vind hom op die tydlyn (874 v.C.) as een van die konings van die Suidryk.

Kom ons soek JOSAFAT se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Was daar al iets in jou lewe wat vir jou baie moeilik gelyk het?
- En wat het toe gebeur?
- Is daar nog ander plekke in die Bybel waar gelowiges God loof en prys terwyl dit met hulle sleg gaan? (Handelinge 16: 25, waar Petrus en Johannes in die tronk is. Lees ook Spreuke 3: 6).

Lewensles

Ons moet nooit onderskat wat kan gebeur as ons bid nie. God luister vir Sy kinders as hulle met hom praat. God wil hê Sy kinders moet net op Hom vertrou en nie op hulle eie krag staatmaak nie.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, dankie dat ons weet U veg aan ons kant teen alles wat kwaad en sondig is in hierdie wereld.
Amen

Idees vir VET pret

Suigstokkies met iets binne-in (jogurt of kougom). Ja, dit is amper soos 'n klein wonderwerk. Ons is verbaas oor iets kleins, dink net hoe verbaas was Josafat toe God sy vyande oorwin het.

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van die buitelyne van 'n man wat bid. Knip die buitelyne uit. Plak baie liggies (met prestik) vas op 'n papier sodat die rante nie skuif nie. Gebruik bordkryt om die vorm af te vryf op papier. Jy kan ook sponsies wat in baie min verf gedoop is gebruik om die rante af te vryf. Wanneer jy die vorm afhaal, is die skadubeeld van die biddende man op jou papier. Maats kan die vers van die week onderaan hulle prente skryf.

Vers vir die week

2 Kronieke 20:15 (b)
"Moenie vrees nie, moenie bang wees vir hierdie groot menigte nie, want hierdie oorlog is nie 'n saak vir julle nie, maar vir God."

Net vir die lekker

Josafat was ‘n koning wat baie hard gebid het. Juffrou laat die kinders in ‘n kring sit. Sy noem verskillende kategorieë van goed waarvoor ons gewoonlik bid, soos kos, troeteldiere, vriende, speelgoed, familie, juffrouens ens. Juffrou vra vragies om kinders bewus te maak van hulle gebedslewe!

Voorbeelde van vragies: Vir watter kos is julle dankbaar? Watter vriende maak jou dankbaar teenoor God? Watter juffrou maak jou dankbaar teenoor God?

Josafat

Agab

11

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

1 Konings 20: 1 - 20: 43

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Werkkaart van Agab
Klein stukkies lap – enige kleur
Skêre, gom en inkleyrkryte
Rekkies
Blinddoek om ogies toe te bind
Geweertjie-jellielekkers

Lesinhoud

Agab was die koning van Israel (die 10 stamme). Die Koning van Aram, Ben-Hadad, het besluit om Israel aan te val. Hy was baie arrogant en vol selfvertroue en het boodskappers na Israel gestuur om te sê: "Julle silwer en goud is myne. Julle mooiste vrouens en kinders is ook myne!" Koning Agab was maar gedweë en inskiklik. "Dis reg so, Ben–Hadad, vat dit maar." Nou het Ben-Hadad besluit dat sy mense sommer alles sal vat wat hulle begeer van die Israeliete. "Alles wat ons oë begeer, sal ons vat!" Al die leiers van Israel het vir Agab raad gegee: "Moenie ingee vir Ben-Hadad se verdere eise nie!" Hiervan het Ben-Hadad niks gehou nie. Hy was ontevrede oor Agab hom teenstaan, en besluit toe om Israel sommer dadelik aan te val.

'n Profeet van die Here het egter by Koning Agab gekom en gesê dat die Here Ben-Hadad en sy baie soldate aan Israel sou uitlewer. Terwyl Ben-Hadad en die 32 konings wat hom kom help veg het teen Israel, lekker in sy tent sit en drink het, het Israel se leër, met die jong soldate vooraan, hulle aangeval. Wat die profeet voorspel het, het gebeur. Die Arameërs is verslaan en moes vlug. Ben-Hadad het dit reggekry om te vlug, maar hy wou nog steeds teen Israel veg. Sy raadgewers het vir hom gesê: "Israel se God is net 'n berg-god. Kom ons veg teen Israel op die vlakte - dan sal ons hulle wen." Die profeet van God het toe weer na Agab gegaan en gesê: "Omdat Ben-Hadad dink God is net 'n berggod sal hy weer verslaan word. Ons God is almagtig!" Ben-Hadad en die Arameërs is weer ver-slaan. Hy was nou baie bang dat koning Agab hom sou doodmaak. Toe trek Ben-Hadad rouklere aan en maak of hy baie jammer is oor sy oorlog teen Israel. Sy skelm plan het gewerk! Koning Agab het hom jammer gekry en sy lewe gespaar.

Hy en Koning Agab het vrede gemaak. Maar God was ontevrede omdat Agab Ben-Hadad se lewe gespaar het. Hy stuur toe 'n profeet om die koning (Agab) langs die pad in te wag. Die koning kon nie sien dat dit 'n profeet was nie, want die persoon het 'n lap oor sy gesig gebind. Die profeet sê toe vir Agab: "Omdat jy hom (Ben-Hadad) vry laat gaan het, sal jou lewe in die plek van sy lewe weggevat word, en ook jou volk in die plek van sy volk." Agab was baie kwaad oor hierdie slegte nuus. Hy moes egter aanvaar dat die wat God se woord ignoreer, gestraf sal word.

Vragies vir slim oortjies

- Wat wou Ben-Hadad aan Israel doen?
- Wat het die profeet aan Koning Agab gesê?
- Wat gebeur as jy God se woord ignoreer?

Tydlyn van Israel

Agab was koning van die Noordryk, Israel. Ons vind hom op die tydlyn (873 v.C.) as een van die konings van die Noordryk

Kom ons soek AGAB se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Verduidelik wat die spreekwoord beteken: "Moenie jou kuikens tel voordat die eiers uitgebroei is nie." (Kyk ons vers vir die week).
- Dink jy God is net 'n God van sekere plekke, byvoorbeeld 'n Kerk-God of 'n Berg-God?
- Kan ons 'n gebou die "huis van die Here" noem? (Ons praat dikwels so van kerke, maar die Here se huis is in ons harte).

Lewensles

Baie keer dink ons dat God net op Sondae werk, of dat Hy in 'n gebou bly wat mense gemaak het. God is oral en kan enigiets doen!

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, maak ons nederig. Laat ons asseblief U stem en U woord elke dag opsoek. Amen

Idees vir VET pret

Jellielekker-geweertjies. Ben-Hadad wou heeltyd oorlog maak teen Israel.

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van 'n masker. Kom ons plak klein stukkies lap op die masker om ons te laat lyk soos die profeet in hierdie storie wat sy gesig met 'n lap toegebind het. So het die profeet homself vir Agab vermom.

Vers vir die week

Vers 1 Konings 20:11
"Daarop het die koning van Israel opgemerk: "Die spreekwoord lui: Hy wat hom klaarmaak om te veg, moenie roem soos een wat klaar die oorwinning behaal het nie."

Net vir die lekker

Deel die klas in groepe van ses tot tien maats. Gee 'n woord aan elke groep, byvoorbeeld liefde, baby, meisie, nie-meer-nie (kan ook Engelse woorde wees). Elke groep moet dan 'n liedjie sing waarin hulle woord voorkom.

Agab



Elia

12

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

1 Konings 17 – 18: 45

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Brood (ongesuurd soos Naan-brood)
Werkkaart van Elia
Inkleurkryte
Druiwekorrels
Tregter

Lesinhoud

Elia het aan Koning Agab gesê dat God ‘n groot droogte gaan stuur (geen dou of reën sou val nie). Die droogte sou eers verby wees as Elia weer van God ‘n boodskap oor hierdie saak gekry het. Agab was baie ontevrede oor hierdie nuus. Elia was maar skrikkerig vir Agab en hy het toe in die Kisspruit gaan wegkruip. Hy kon water uit die spruit drink en God het kraaie gestuur om in die oggende en aande vir hom brood en vleis te bring. Van die Kisspruit af is Elia na Sidan. God het gesê ‘n weduwee sou hom daar versorg.

Toe Elia by die stadspoort kom, was daar ‘n vrou besig om hout op te tel. Hy vra haar toe vir water en ‘n stukkie brood. Die vrou antwoord Elia dat sy niks meer oor het om te eet nie, net ‘n handvol meel en ‘n bietjie olie in ‘n kan. Sy was besig om hout bymekaar te maak vir ‘n vuurtjie vir haar en haar seuntjie se heel laaste ete. Daarna sou hulle doodgaan van honger. Elia het goeie nuus vir haar gehad: “So sê die Here: die meel in die kruik sal nie opraak nie en die olie in die kan sal nie minder word nie, totdat die Here reën stuur vir die land.” Die weduwee se kos (haar olie en meel), het toe nie opgeraak nie al het sy hoeveel keer brood gebak. Sy was so dankbaar!

Op ‘n dag het hierdie weduwee se seun al sieker geword, totdat hy later dood is. Sy was baie hartseer. Elia sê toe vir haar: “Gee die kind vir my.”Hy het die seun op ‘n bed neergelê en tot God gebid. Die Here het Elia se gebed verhoor en die kind weer lewendig gemaak!

Na omtrent drie jaar het God Elia aangesê om na Koning Agab toe terug te gaan. God sê toe dat Agab die hele Israel op Karmelberg bymekaar moes bring. Agab moes ook die 450 profete van Baäl en die 400 van Asjera (twee afgode) laat kom. Elia het verder gesê dat twee bulle gebring moes word. Die Baäl profete kon enige van die twee bulle kies. Hulle moes die bul opsny en op ‘n altaar sit, met hout daarby. Hulle mag egter nie die offer aan die brand gesteek het nie. Elia sou dieselfde doen. Dan moes altwee groepe tot hulle god bid. Die god wat met vuur antwoord, sou die ware god wees.

Die hele volk het gedink dit is ‘n goeie plan. Die Baälprofete begin toe vir Baäl bid. Van die oggend tot die middag het hulle gebid, gesmeek, geskreeu en gedans. Maar daar was nie ‘n geluid van Baäl af nie. Elia het hulle begin spot: “Roep harder. Dalk is Baäl in gedagte, dalk reis hy of miskien slaap hy!” Die Baälprofete het hulself toe begin sny en kerf dat die bloed loop.

Teen laatmiddag sê Elia vir die volk: "Staan nader." Toe grawe Eia 'n sloot om die Here se altaar. Hy het gevra vir vier kruike vol water. Drie maal is die kruike volgemaak en oor die altaar uitgegooi. Selfs die sloot romdom die altaar was vol water. Toe het Elia tot God begin bid.

Daar het 'n vuur van die Here af gekom en die offer is verbrand, ook die hout, die klippe en die grond is verskroei. Selfs die water in die sloot is opgelek deur die vlamme. Toe die volk dit sien, het hulle op hulle knieë geval en God geloof. Die volk het die Baälprofete gegryp en almal is doodgemaak. Daarna stuur Elia sy slaaf om op 'n hoogte te gaan uitkyk vir 'n teken van reën. Eers die sewende keer wat hy gaan kyk het sien die slaaf toe 'n klein wolkie oor die see. Terwyl Elia en die slaaf nog praat, het die lug donker geword en groot reëns het uitgesak. Die droogte in Israel was verby en die hele volk het geweet dat God die ware God was!

Vragies vir slim oortjies

- Hoe het Elia aan die lewe gebly by die spruit?
- Watse wonderwerk het in die weduwee se huis gebeur?
- Wat het op Karmelberg gebeur?

Tydlyn van Israel

Elia was een van die belangrikste profete wat vir die Noordryk, Israel, boodskappe van God af gebring het. Ons vind hom op die tydlyn (874 v.C.), tydens die bewind van koning Agab.

Kom ons soek ELIA se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Is jy soms skrikkerig dat God jou nie gaan help met iets nie?
- Dink julle Elia het getwyfel of God vuur sou stuur? Hoe so?
- Help God mens altyd? (Op Sy tyd en op Sy manier, ja).

Lewensles

God is die enigste God. Hy wil nie hê ons moet enige ander ding of mens belangriker as Hy ag nie.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons smeek U vir geloof soos die van Elia. U is die God bo alle gode, die enigste Here.
Amen

Idees vir VET pret

Elkeen kry 'n stukkie brood om te proe. Dieselfde brood wat die weduwee vir Elia gebak het en die kraaie vir hom gebring het by die Kisspruit. Naan-brood werk goed.

Kreatiewe aktiwiteit

Aktiwiteit 1

Werkkaart van Elia. Help Elia om by die kraai, wat vir hom kosbring, uit te kom.

Aktiwiteit 2

Werkkaart van Elia en die seuntjie wat dood was

Vers vir die week

1 Konings 18: 36
"Teen die tyd van die aandoffer het die profeet Elia vorentoe gekom en gebid: "Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit tog vandag bekend word dat U God is in Israel, en dat ek U dienaar is wat op U bevel al hierdie dinge doen."

Net vir die lekker

Die kraaie het vir Elia gevoer. Kom ons kyk of ons ook so gevoer kan word! Een kind word gekies om 'n plastiek tregter in sy mond vas te hou. Die ander maak dan beurte om, 'n paar treë uitmekaar, druiwekorrels na die tregter te gooi. Probeer die druiwe vang! As jy een gevang het, kry 'n ander maat weer 'n beurt. Die kinders maak ook beurte met die druiwegooi!

Elia

Help Elia om by die kraai te kom.



Elia



Aktiwiteit 2

Elisa

13

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

2 Konings 2: 19 - 4: 44

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Yswater
Werkkaart van Elisa
Geel poeierverf
Kwaste
Olyfolie
Marie-beskuitjies

Lesinhoud

Die inwoners van Jerigo het na Elisa gekom en gekla oor die water. Die water van die stad was so sleg dat oeste misluk het en diere doodgegaan het. Elisa sê toe hulle moet 'n nuwe skottel vir hom bring en sout daarin gooi. Hierna gaan Elisa na die fontein waar die water uitkom. Hier sê hy: " Ek maak hierdie water bruikbaar sodat dit nie meer dood of onvrugbaarheid sal veroorsaak nie." En tot vandag toe is Jerigo se water goeie water!

Oral oor die ryk het mense na Elisa toe gekom vir raad. Op 'n dag was die konings van Israel (Joram), Edam en Juda (Josafat) besig met oorlog teen hulle vyande. Hulle het deur 'n woestyn getrek en na sewe dae was daar nie meer water vir die manskappe en vir die diere nie. Hulle het besluit om 'n profeet te soek vir raad. Elisa was naby. "Bring vir my 'n lierspeler," vra Elisa. Terwyl die lierspeler speel, sê Elisa: "So sê die Here: "Daar sal damme en damme water in hierdie vallei staan, julle sal nie wind of rëen sien nie, en tog sal hierdie vallei vol water word, sodat julle en julle slagvee en julle paddiere kan drink." Die volgende môre het die hele gebied onverwags vol water begin loop!

Net toe die son opkom het die vyande die son op die water sien blink. Hulle skreeu toe: "Dit is bloed!" Dit het hulle laat dink die drie konings veg onder mekaar. Toe hulle nader storm, is hulle verslaan in die geveg! Elisa het nie net konings gehelp nie, maar ook gewone mense.

Elisa het nie net groot wonderwerke vir die volk van God gedoen nie, hy het ook gewone mense op straat gehelp.

'n Vrou het by Elisa kom kla: "My man is dood en die mense vir wie hy geld geskuld het, het nou my twee seuns kom vang om as slawe te werk." Elisa sê toe: "Ek sal jou help, wat het jy in jou huis?" Die vrou het niks gehad behalwe 'n kannetjie met olie nie. Elisa gee vir haar hierdie opdrag:

2 Konings 4: 3+4 (ons vers van die week)

Die vrou is daar weg en het gemaak soos Elisa gesê het. Toe het Elisa vir haar gesê om die olie te gaan verkoop en haar skuld te gaan betaal. Sy en haar seuns kon daarna gelukkig lewe!

Vragies vir slim oortjies

- Wat was die profeet in hierdie storie se naam?
- Waarvoor was die vrou bang na haar man se dood?
- Watse wonderwerk het in haar huis gebeur?

Tydlyn van Israel

Elisa was die profeet van die Noordryk, Israel, wat Elia opgevolg het. Ons vind hom op die tydlyn (845 v.C.) na Elia.

Kom ons soek ELISA se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Ken julle mense wat hartseer is of wat swaarkry?
- Hoe help jy hierdie mense of kinders? (Jy kan vir hulle bid om mee te begin).
- Dink jy die Here kan jou gebruik vir 'n wonderwerk in iemand anders se lewe?

Lewensles

God sien mense wat swaarkry raak. Soos wat Elisa die weduwee gehelp het, wil die Here hê ons moet mense help.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, maak ons dankbaar vir wat ons het, al is dit minder as ander rondom ons. Herstel ons geloof in wonderwerke.
Amen

Idees vir VET pret

'n Beker met lekker koue water en ys sodat die kinders elkeen 'n glasie kan drink en kan dink aan hoe dors die soldate moes gewees het en hoe God sommer damme vol water gemaak het.

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van 'n oliekruik. Die kinders kan dan geel poeierverf meng met olyfolie, totdat dit moontlik is om die oliekruik met die verfmengsel te verf. Dit kan ons herinner aan die weduwee se olie wat nooit opgeraak het nie.

Vers vir die week

2 Konings 4: 3 - 4
"Hy het toe gesê: "Gaan leen nou by al jou bure leë kruike, en sorg dat jy nie te min leen nie. Dan gaan jy in jou huis in, maak die deur agter jou en jou seuns toe, en gooi elkeen van hierdie kruike vol olie. Soos elkeen vol word, moet jy hom wegpak."

Net vir die lekker

Die arme weduwee het niks te ete in haar huis gehad nie. Die kinders staan in 'n lang ry langs mekaar. Elke kind gaan nou drie Marie-beskuitjies kry om so vining as moontlik op te eet. Sodra jy dink jy is klaar, moet jy fluit sonder dat daar krummels uit jou mond uit spat. Die een wat dit regkry om eerste reg te fluit, is die wenner!

Elisa



Gehasi

14

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

2 Konings 4: 8 - 5: 27

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Kruie (verskillende soorte)
Kaneel pannekoek
Werkkaart van Gehasi
Skêre
Gom
Tennisbal

Lesinhoud

Elisa was oppad na Sunem toe. 'n Belangrike vrou van die dorp het Elisa altyd, wanneer hy in Sunem, was vir ete genooi. Sy sê toe vir haar man: "Ek weet Elisa is 'n man van God. Kom ons bou 'n klein kamertjie aan by ons huis. Ons kan 'n bed, tafel, stoel en lamp daar insit. Wanneer Elisa dan in Sunem is, kan hy sommer intrek." Op 'n dag, terwyl Elisa in hierdie vertrekkie gerus het, het hy vir Gehasi, sy slaaf, gestuur om die vrou te roep. Elisa wou graag vir die vrou dankie sê vir al haar goedheid.

Gehasi vertel toe vir Elisa dat die vrou nie seuns het nie en dat haar man al oud was. Elisa het met die vrou gesels en gesê dat sy oor 'n jaar 'n babaseuntjie sou hê! Maar die vrou wou hom nie glo nie. En wraggies, dit het net so gebeur! Omtrent 'n jaar later het sy 'n seuntjie gehad. Toe die seun groter was, het hy op 'n dag na sy pa toe gegaan en van hoofpyn gekla. "My kop! My kop!" het hy gesê. Die siek seuntjie is na sy ma toe gedra. Hy het op haar skoot gelê tot die middag en toe is hy dood.

Die vrou het haar dooie seun op Elisa se bed gaan neerlê. Daarna het sy 'n slaaf en 'n donkie laat kom. Sy wou na Elisa toe gaan. Elisa het die vrou van ver af sien aankom en Gehasi gestuur om te hoor hoe dit met haar familie gaan. Sy wou niks vir Gehasi vertel nie, en het gesê dit gaan goed. Maar toe sy by Elisa kom, het sy aan sy voete vasgeklou. Gehasi wou haar wegstoot, maar Elisa het hom gekeer en haar laat huil. Nadat Elisa haar verhaal gehoor het, het hy vir Gehasi met sy kierie gestuur. "Vat my kierie en gaan sit dit op die seuntjie se gesig. Moet met niemand langs die pad praat nie."

Die vrou het egter aangedring dat Elisa ook moes saam teruggaan na haar huis toe. Gehasi was voor hulle daar en het die kierie op die seun se gesig gesit, maar daar was geen geluid of enige teken van lewe nie. Elisa het toe die kamer binne gegaan, en die deur toegemaak. Elisa het tot God gebid. Hy het bo-op die seun gaan lê sodat hulle monde, oë, arms en bene reg opmekaar was. Die seuntjie se liggaam het begin warm word. Toe Elisa 'n tweede keer op hom gaan lê het, het die seuntjie sewe keer genies en sy oë oopgemaak.

Die Sunemietiese vrou was so dankbaar!

Elisa het nog ander wonderwerke ook gedoen…

Terug in Gilgal was daar ‘n hongersnood in die land. Elisa het ‘n klomp profete by hom gehad en Gehasi het vir almal ‘n bredie gemaak. Een van die profete is veld toe om kruie te pluk. In die veld het die man ‘n klomp wilde komkommers gepluk. Hy het dit in die brediepot gaan bysny, sonder om regtig te weet presies wat dit was. Net toe die mense van die kos proe, roep hulle uit: “Man van God, daar is gif in die kos!” Hulle kon dit glad nie eet nie. Elisa het bietjie meel in die pot gegooi en dadelik kon die profete die kos eet – dit was nie meer giftig nie.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was Elisa se slaaf se naam?
- Hoe het Elisa die seuntjie lewendig gemaak?
- Wat het die profeet in die pot gesit wat die kos giftig gemaak het?

Tydlyn van Israel

Gehasi was die profeet Elisa se slaaf. Ons vind hom op die tydlyn (848 v.C.) van die Noordryk, Israel, saam met die profeet Elisa.

Kom ons soek GEHASI se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

Voordat Elisa die weduwee se seun lewendig gemaak het, het hy tot God gebid.

- Wat dink jy het Elisa gebid?
- Wat mag ‘n mens vir God in gebed vra? (Enige iets).
- Dink jy God sou ook deur Gehasi ‘n wonderwerk kon doen?

Lewensles

Elisa het geweet dat dit nie uit sy eie krag is wat hy mense gesond kon maak nie, maar dat dit God is wat deur hom werk. Ons moet altyd onthou dat God deur enige iemand kan werk.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, help ons om U opdragte te onderhou – die moeilikes, maar veral ook die maklikes.
Amen

Idees vir VET pret

Gee ‘n paar soorte kruie vir die kinders om aan te ruik. Laventel, basil, roosmaryn, peper, kaneel ens. Hoe sal mens weet as iets giftig is? Kan jy enige iets by jou kos bygooi? Laat hulle aan van die kruie ruik en proe.

Kaneel-pannekoek vir elke kind. Kaneel is ook ‘n soort krui. Gelukkig weet ons dat dit nie giftig is nie!

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van ‘n pot. Knip prentjies van verskillende soorte groente uit. Die kinders kan die prentjies dan bo-aan hulle bredie-pot plak.

Vers vir die week

2 Konings 4: 33 – 34 (a)
"Elisa het die kamer binnegegaan en die deur toegemaak sodat hulle alleen was. Nadat hy tot die Here gebid het, het Elisa op die bed geklim en bo-op die seun gaan lê."

Net vir die lekker

Gebruik 'n lemoen of 'n tennisbal. Die klas word in twee groepe verdeel. Staan in 'n ry agter mekaar. Die bal word onder die ken vasgedruk en moet so aangegee word vir die volgende ou in die ry, wat ook die bal onder die ken vasdruk en weer aangee. Geen hande mag gebruik word nie. Die groep wat eerste die bal tot voor in die ry laat vorder, is die wenners!

Gehasi





Naäman

15

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

2 Koning 4: 8 – 5: 27

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Hoendersop
Piesangs (een vir elke groep)
Werkkaart van 'n man
Rooi verf
Oorstokkies

Lesinhoud

Naäman, die hoof van die Koning van Aram se soldate was 'n dapper man, maar hy het melaats geword. In Naäman se huis was daar 'n jong dogter van Israel wat vir sy vrou gewerk het. Sy sê toe: "Ag, as meneer net by ons profeet in Samaria kan uitkom, ek weet hy sal hom gesond maak."

Naäman se vrou het hom toe van die profeet vertel en hy het besluit om te gaan en vir 'n wonderwerk gehoop. Naäman het met sy wa en perde na Elisa gereis en voor Elisa se deur stil gehou. Elisa gaan toe nie eens uit nie, maar stuur vir Naäman die boodskap: "Gaan was jou sewe maal in die Jordaan rivier. Dan sal jy gesond en rein wees." Naäman was lekker vies omdat Elisa nie eers uitgekom het nie. Hy wou gehad het dat Elisa dalk hard roep vir 'n wonderwerk en sy hande oor sy melaatse lyf beweeg en hom so genees. Is sy eie land se riviere soveel slegter as die Jordaan! Moes hy al die ver pad kom vir sulke simpel raad!

Naäman se manne pleit egter by hom en sê: "Meneer, dit is iets makliks om te doen. Jy het niks om te verloor nie." Naäman het toe afgegaan na die Jordaan rivier en homself gewas. Sy vel het gesond geword en was so mooi soos die van 'n jong kind.

Vragies vir slim oortjies

- Wie het vir Naäman 'n goeie plan gegee om van sy melaatsheid ontslae te raak?
- Na watter profeet moes hy gaan?
- Wat was die profeet se raad?

Tydlyn van Israel

Naäman was die leier van die Arameërs. Ons vind hom op die tydlyn (848 v.C.) van die Noordryk, Israel, saam met die profeet Elisa.

Kom ons soek NAäMAN se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Wat is melaats?
- Kry ons vandag nog sulke verskriklike siektes? (Ja, wat van HIV?)
- Wat is erger vir God, siekte van buite (jou liggaam), of "siekte" in jou hart?
- Is God se wonderwerke op aarde altyd skouspelagtig? (Nee, God laat ook elke dag klein wonderwerke in ons lewens toe).

Lewensles

God het nie nodig om enige iemand te beïndruk nie. Hy werk soms op maniere wat vir ons as mense onverstaanbaar is.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, selfs 'n kind kan vir groot mense van U vertel. Help dat ons harte sal oorborrel met getuienis om U naam te verheerlik.
Amen

Idees vir VET pret

Naäman was siek. Wat gee jou mamma vir jou om te eet as jy siek is? Wat van hoendersop ("cup a soup") vir die wat wil hê? Net 'n klein bietjie is genoeg.

Kreatiewe aktiwiteit

Prent van 'n man. Gebruik rooi verf en oorstokkies en "druk" die hele man vol melaatsesere. Dit is hoe sleg Naäman gelyk het!

Vers vir die week

2 Konings 4: 14
"Hy het toe afgegaan na die Jordaan toe en hom sewe keer daarin gebad, soos die man van God gesê het, en sy vel het gesond geword soos die van 'n klein seuntjie en hy was rein."

Net die vir die lekker

Kom ons sluit af met iets wat almal sal laat lag. Trek skoene uit. Groepe lê op die grond in 'n lang ry met voete in dieselfde rigting. Die eerste een tel 'n piesang met sy voete op en moet dit met sy voete aangee na die ou langs hom. Gee die piesang so met die voete aan tot by die laaste maat. Die laaste maat moet die piesang afskil en opeet. Die groep wat eerste klaar is wen. Kies maar twee fris seuns om aan die einde van elke groep se ry te wees. Hulle kan die piesang etery in baie pret verander!

Naäman



Amos

16

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Amos 1 - 9

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Werkkaart van Amos
Wol
Watte
Skêre en gom
Ryp vye (of enige ander ryp vrugte)

Lesinhoud

Amos was 'n skaapboer van Juda. Tydens die regering van Koning Jerobeam II van Israel, het hy 'n droom oor Israel gehad.

In die droom vertel God vir Amos Hy sou Israel straf oor al hulle sondes. God noem aan Amos alles wat sy volk verkeerd doen.

- Hulle voer mense weg as ballinge (vertel wat dit is).
- Die stamme het teen mekaar met die swaard geveg en niks broederliefde gewys nie.
- Hulle het NEE gesê vir God se wet.
- Hulle het onskuldige mense vir geld verkoop (as slawe).

God was baie vies vir sy volk. Amos moes vir die Koning God se boodskap vat. Amos het in sy tweede droom sprinkane gesien wat al die groenigheid opgevreet het. Toe het hy 'n vuur gesien wat die water en grond laat opdroog het. Die derde droom was van die Here by 'n skietlood. Die vierde droom was 'n mandjie met ryp vrugte. Dit het beteken dat God se tyd ryp (reg) was om Israel te straf.

MAAR die Here het van sy planne afgesien om Sy volk heeltemal uit te wis. Hy is 'n genadige God. God kan sy volk weer opbou. Hy sê self: "Ek herbou hom soos hy in die ou tyd was, sodat my volk die oorwinnaar sal wees....."

Vragies vir slim oortjies

- Watse werk het Amos gedoen voor God hom geroep het vir Sy werk?
- Noem een van die verkeerde dinge wat God se volk gedoen het.
- Noem een van Amos se drome.

Tydlyn van Israel

Amos was 'n profeet van die Noordryk, Israel. Ons vind hom op die tydlyn (762 v.C.) tydens die regering van koning Jerobeam II.
Kom ons soek AMOS se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

Amos was maar 'n onbelangrike skaapwagter

- Ken jy iemand wat onbelangrik is in die wêreld se oë, maar tog 'n goeie Christen is? (wat van jouself?).
- Vir wie sal jy luister? (Mamma, Pappa, juffrou, jou kerkleier).
- Sal jy vir iemand onbelangriks luister? (soos jou klein sussie of boetie). Hoekom/ nie?

Lewensles

Amos moes na die koning gaan met 'n moeilike boodskap. Soms wil die Here hê ons moet mense waarsku om op te hou met hulle verkeerde dade. Deur ons waarskuwing kan die Here mense tot bekering bring.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, dankie dat U 'n genadige God is wat sondes kan vergewe. Ons bely ons sondes en pleit vir vergifnis.
Amen

Idees vir VET pret

Enige ryp vrugte vir die kinders om aan te proe. Dit was Amos se vierde droom – ryp vrugte.

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van 'n skaap. Kom ons plak die skapie vol wol en knip hom uit. Bêre in jou Bybel om jou te herinner dat geen werk vir God onbelangrik is nie.

Vers vir die week

Amos 4:13
"Jy moet besef: Hy wat berge vorm en die wind skep, Hy wat sy gedagtes aan die mens bekend maak, Hy wat die dagbreek donker maak, Hy wat oor die hoogtes van die aarde gaan, Sy naam is Here, almagtige God!"

Net vir die lekker

Ons gaan almal op 'n kerkkamp! Juffrou begin deur te sê: Ek gaan op 'n kerkkamp en ek neem, byvoorbeeld, my slaapsak saam. Die volgende kind moet dan sê: Ek gaan op 'n kerkkamp en ek neem my slaapsak en my tandeborsel saam. So sit elke kind iets by, maar die hele rympie moet elke keer van vooraf herhaal word. Die kinders mag mekaar help. Veral hier teen die einde!

Amos



Hosea

17

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Hosea 1 - 2 en 11

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Werkkaart van Hosea
"Glitter"
Gom
Geel verf
Lekkergoed ringe

Lesinhoud

Hosea was een van die kleiner profete wat God gebruik het om sy onveranderlike liefde vir sy volk te wys.

Hosea was die seun van Beëri. God wou Hosea se huwelik gebruik om vir die Israeliete 'n storie (iets simbolies) te vertel. Hy sê toe vir Hosea om met 'n slegte vrou te trou, wat al baie mans gehad het en 'n klomp kinders by verskillende pappas het. Hosea trou daarna met 'n vrou met die naam Gomer. Sy was regtig 'n slegte vrou!

Al Hosea en Gomer se kinders se name het 'n betekenis gehad. Hulle eerste kind was 'n seuntjie met die naam Jisreël. (God sou die Israeliete later op die Jisreël vlakte deur hulle vyande laat verslaan). Hosea en Gomer se tweede kind, 'n dogtertjie, se naam het beteken: "Sonder-genade," want God sou geen genade meer vir Israel hê nie. Hosea se 3de kind se naam het beteken "Nie-my-volk-nie." Israel sou nie meer God se volk wees nie.

God voorspel egter verder, dat daar 'n dag sal kom dat die twee stamme, Juda en Israel, weer een sou word, met een leier. Hosea se slegte vrou was vir Israel die teken dat hulle moes besef: "Die slegte vrou" (Israel) kan weer 'n goeie man kry (God).

Net soos Hosea se vrou weggedraai het van haar slegte verlede, moes Israel wegdraai van hulle slegte verlede en God weer dien en liefkry. God se liefde vir Sy volk (en vir ons) is te sterk vir sonde!

Vragies vir slim oortjies

- Wat van Hosea wou God gebruik om vir Sy volk 'n boodskap te bring? (sy huwelik).
- Met watse tipe vrou moes Hosea trou?
- Wat was die boodskap wat God deur Hosea se huwelik vir die volk wou bring?

Tydlyn van Israel

Hosea was die profeet wat die einde van die Noordryk aangekondig het. Ons vind hom op die tydlyn (750 v.C.) net voor die Noordryk deur die Assiriërs verstrooi word.

Kom ons soek HOSEA se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Vir wie is jy baie lief?
- Maak hierdie mense vir wie jy lief is jou soms BAIE vies?
- Hoe voel jou familie of gesin oor jou as jy ongehoorsaam was?
  (Hulle bly lief vir jou. As dit ons familie is vergewe ons hulle die meeste kere, net soos God ons vergewe).

Lewensles

Dit gebeur dat ons ongehoorsaam is aan die Here en nie doen wat Hy van ons vra nie. God wil ons nader aan Hom trek en aan ons Sy liefde bewys.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, soms maak ons gesinslede ons baie vies. Help asseblief dat ons sal besef, 'n gesin kom van U af en is baie kosbaar.
Amen

Idees vir VET pret

Lekkergoed ringe - om ons te herinner aan Hosea se huwelik

Kreatiewe aktiwiteit

Versier die werkkaart van die ring. Verf die ring geel (goud) en sit blinkers bo-op die steen. Ons kan dink aan Hosea se huwelik waarvan ons in hierdie storie geleer het.

Vers vir die week

Hosea 2:18
"Ek gaan jou my bruid maak vir altyd. Ek gaan jou aan My bind deur My weldade en my goeie sorg, deur my liefde en my ontferming."

Net vir die lekker

Kinders moet 'n ry vorm. Nou gaan ons, sonder om 'n woord te praat, die ry rangskik in geboortedatums van 1 Januarie (voor in die ry) tot 31 Desember (agter). Kinders mag glad nie praat nie, net gebaretaal mag gebruik word! Kyk na die tyd of julle reg was!

Hosea



Jesaja

18

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Jesaja 1 en 6

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

"Fireball" lekkers
Werkkaart van Jesaja
Geel verf
Blinkers
"Glitter"
Gom

Lesinhoud

Jesaja was die seun van Amos. Hy het 'n droom gehad oor Juda (die Suidryk) en hulle hoofstad, Jerusalem. Jesaja het 'n boodskap van God ontvang tydens hierdie droom. Hy moes gaan vertel dat slegte dinge (ellende) op die volk wag omdat hulle so sonde doen. God het reeds hulle lande verwoes en hulle stede verbrand. Hy sou hulle nog verder straf.

Jesaja het in sy droom gesien dat God op 'n baie hoë troon sit. Die onderste deel van sy klere het die hele tempel vol gelê. Daar was engele om Hom. Elke engel het 6 vlerk gehad. Met twee vlerke het die engele hulle gesigte toegehou, met nog twee, hulle voete en met die laaste twee het hulle gevlieg. Die engele het heeltyd mekaar geroep en gesê: "Heilig, heilig, heilig is die Here." Die engele het so hard geroep, dat die deure geskud het en die tempel vol rook geword het.

In die droom het Jesaja uitgeroep: "Dit is klaar met my!" (Jesaja het gedink dat hy sou sterf omdat hy God gesien het, al was dit net in 'n droom).

Toe het een van die engele 'n gloeiende kool met 'n tang opgelig en na Jesaja toe gevlieg. Hy het Jesaja se mond met die kool aangeraak en gesê: "Jou sondes is vergewe!" Wat 'n droom!

God is nie op soek na brandoffers of gawes nie. Hy wil ook nie feeste en feesvieringe hê nie. Hy wil net hê sy volk moet ophou kwaad doen.

Vragies vir slim oortjies

- Watter strawwe het God reeds aan die volk toegelaat? (Lande verwoes en stede ver brand).
- Wat het Jesaja naby die troon in sy droom gesien? (Engele).
- Wat het die engel met die gloeiende kool gemaak?

Tydlyn van Israel

Jesaja was 'n profeet van die Suidryk, Juda. Ons vind hom op die tydlyn (741 v.C.) veral tydens die regeringstyd van koning Hiskia.

Kom ons soek JESAJA se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

Jesaja moes die volk waarsku dat hulle gestraf gaan word oor hulle sonde.

- Wat dink jy kon die gloeiende kool vuur teen Jesaja se lippe beteken het? (Dat God dit vir hom makliker sou maak om te getuig, dat God hom sou bystaan en vir hom die regte woorde in sy mond sou sit. God wou Jesaja se mond net vir Homself hê, sodat elke woord wat Jesaja sê van God sou kom).
- Kan ons vir God beïndruk? (Nee).
- Hoe probeer ons God soms beïndruk? (Met ons goeie werke).

Lewensles

Weet julle wat dit beteken dat God heilig is? Heilig beteken dat God heeltemal anders is as ons. Hy is groter as ons en kan nie sonde doen nie. Ons dien 'n wonderlike God. God wil ons woorde, gedagtes en dade net vir Homself hê.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons bid vir eerbied en respek vir U. Ons wil graag opreg wees in ons liefde vir U.
Amen

Idees vir VET pret

"Fireballs" (vir die kool wat Jesaja se mond aangeraak het).

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van 'n troon. Verf die troon geel en plak die troon vol blinkers om 'n glinsterende troon, soos in Jesaja se droom, voor te stel.

Vers vir die week

Jesaja 1: 18(b)
"Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol."

Net vir die lekker

Jesaja het 'n droom gehad. Speel-speel het juffrou ook iets gedroom. Ek het bv. gedroom daar was 'n baie groot arend……Die volgende kind moet dan 'n sin bylas. Elke kind kry 'n beurt om iets by te sit. Die laaste maat moet weet dat hy die droom moet afeindig.

Jesaja



Hiskia

19

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

2 Konings 20: 1- 21

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Werkkaart van Hiskia
Inkleurkryte
'n Groot muurhorlosie
Horlosie-jellielekkers
Legkaart (kyk by: Net vir die lekker)

Lesinhoud

Hiskia was koning van Juda. Gedurende sy regering het hy op 'n keer BAIE siek geword. Die profeet Jesaja gee toe vir Hiskia 'n boodskap van God af: "Jy gaan sterf, Hiskia! Gee vir jou gesin jou laaste wense voordat jy dood gaan!"

Hiskia het bitterlik gehuil en ernstig tot die Here gebid.

Jesaja was nog nie eers uit die stad uit nie, toe hy weer 'n boodskap van God kry. "Gaan terug na Hiskia toe, Ek het 'n nuwe boodskap vir hom!" Jesaja moes vir Hiskia gaan vertel dat God sy gebed verhoor het en besluit het om hom gesond te maak. Sò gesond dat hy oor twee dae die tempel sou kon besoek. Verder sou Hiskia se lewe met 15 jaar verleng word en sy volk sou van die koning van Assirië se onderdrukking gered word.

Jesaja gaan toe terug en gee God se nuwe boodskap vir Hiskia. Hy vra toe vir 'n vyekoek om op Hiskia se swere te sit. En die koning het wraggies beter geword! Hiskia vra hierna vir Jesaja of God nie asseblief vir hom 'n teken kon gee dat hy oor twee dae gesond genoeg sou wees om na die tempel te gaan nie.

Jesaja sê toe, goed, God sal jou die volgende teken gee: "Moet die skaduwee op die trappe vorentoe of agtertoe gaan?" (Dit beteken dat God die tyd en die son vorentoe of agtertoe sou skuif!) Hiskia kies toe dat die skaduwee op die trappe agtertoe moes skuif. (d.w.s. dat dit vroeër moes wees). So gee God toe vir Hiskia 'n teken van sy gesondheid en Hy laat die son terug skuif!

'n Koning uit Babel het briewe en geskenke na Hiskia gestuur omdat hy van sy siekte gehoor het. Hiskia het vir die besoekers wat die geskenke gebring het, sy hele paleis gewys, die skatkamers en wapenkamers en ook sy store. Jesaja sê toe vir Hiskia: "Daar gaan 'n tyd kom dat al jou skatte na Babel weggedra sal word. Ook jou seuns sal na Babel ontvoer word." Hiskia het God se woord (deur Jesaja) so aanvaar. "As daar maar net vrede in my tyd en veiligheid is," het Hiskia vir Jesaja geantwoord.

15 jaar later is Hiskia oorlede en sy seun Menasse het na hom koning geword.

Vragies vir slim oortjies

- Wat het met Hiskia gebeur dat hy sy lewe verander het? (hy het siek geword).
- Wat moes Jesaja op Hiskia se swere gaan sit?
- Watse teken van sy gesondheid het Hiskia van God gekry?

Tydlyn van Israel

Hiskia was 'n koning van die Suidryk. Ons vind hom op die tydlyn (728 v.C.)

Kom ons soek HISKIA se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Gebed kan God van plan laat verander, moet nooit dink gebed is kragteloos nie! Hoe so?
- As ons gebede nie verhoor word soos ons wil hê nie, moet ons God se wil aanvaar. Dink jy alle mense glo dit? Hoekom nie?
- Kan jou swak voorbeeld ander maats in sonde in lei?

Lewensles

Wat ons doen het ook 'n invloed op ander mense. Ons sonde beïnvloed ook ander mense. Hiskia se ongehoorsaamheid sou daartoe lei dat sy volk weggevoer is na Babel.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, waarlik, in U naam is alles moontlik! Ons eer U en sing vir U 'n loflied.
Amen

Idees vir VET pret

Gebruik 'n groot horlosie. Hoe laat is dit? En nou? Is dit vroeër of later? Maak dit op die uur vir die kleintjies en moeiliker vir die groter kinders.

Gee vir elkeen 'n Horlosie-jellielekker.

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van 'n horlosie. Teken op die horlosie in hoeveel God die tyd vir Hiskia laat terugdraai het.

Vers vir die week

2 Konings 20:5
"Gaan terug en sê vir Hiskia, die leier van my volk: 'So sê die Here, die God van jou voorvader Dawid: 'Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou trane gesien. Ek gaan jou gesond maak, en jy sal oormore weer na die huis van die Here toe kan gaan."

Net vir die lekker

Maak 'n patroon van 'n legkaart op karton en knip dit uit. Elke kind kry 'n legkaart-stukkie waarop hy iets positiefs van homself moet opskryf. Aan die einde bou ons die legkaart om te wys dat elke kind iets positiefs tot die groep bydra!

Hiskia



Josia

20

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

2 Konings 22 – 23: 30

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Plakkers ("stickers")
Werkkaart van Josia
Skêre en inkleurkryte

Lesinhoud

Josia was maar 'n seuntjie van 8 jaar oud toe hy koning geword het. Sy mamma se naam was Jedida en sy pappa was Amon. Josia was 'n kind van God.

Toe hy 18 jaar oud was, het hy eendag iemand na die hoëpriester, Gilkija, toe gestuur om die geld te gaan invorder wat die wagte by die tempeldeure ingesamel het. Hierdie geld moes gegee word vir die werkers wat die huis van die Here herstel het.

Die hoëpriester laat weet toe dat hy God se wetboek in die huis van die Here gekry het. Die wetboek is na die koning gebring. Toe die koning lees wat alles in hierdie wetboek staan, het hy sy klere geskeur van hartseer. Josia het geweet God was kwaad vir Juda, omdat hulle nie Sy wette onderhou het nie.

Die koning se mense is toe na 'n profeet met die naam Gulda toe. Sy het bevestig dat onheil Juda sou tref. Omdat Josia egter 'n getroue koning was, en so hartseer oor wat hy van die volk se sonde in die wetboek gelees het, sou God hom toelaat om in vrede te sterf, voordat enige slegte goed met die volk gebeur.

Josia het toe al die leiers van Juda en Jerusalem laat bymekaar kom. Hy het voor almal belowe om God met sy hele hart te volg.

Hierna het Josia opdrag gegee dat alles wat tot eer van Baäl en Asjera, of enige ander afgod, in die tempel was, verbrand moes word. Alle altare wat gebruik is vir ander gode is vernietig! Beelde wat ter verering van die son opgerig is, het Josia laat stukkend kap en verbrand! Elke afgodsbeeld of plek van aanbidding van afgode, het Josia veroordeel en vernietig.

Daarna het die koning die volk beveel om paasfees te hou tot eer van God, soos wat dit in God se wetsboek opgeskryf was. Josia het probeer om te voldoen aan al die voorwaardes soos wat dit in die wetboek opgeskryf was.

Josia was 'n baie goeie koning en het God regtig lief gehad.

Vragies vir slim oortjies

- Hoe oud was Josia toe hy koning geword het?
- Hoekom was die koning hartseer toe hy lees wat in die wetboek staan?
- Wat het hy gedoen daaraan?
- Wat moes met die afgode gebeur?

Tydlyn van Israel

Josia was 'n koning van die Suidryk. Ons vind hom op die tydlyn (639 v.C.) van die Suidryk.

Kom ons soek JOSIA se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Weet julle altyd wat die reëls is van elke speletjie?
- Wat gebeur as jy weet wat die reëls is en jy doen dit nogsteed nie reg nie? (Ander wil nie met jou speel nie, jy word weggejaag of uitgelag of gespot en beskuldig dat jy kul).
- Weet ons vandag wat God se reëls is? Waar kry ons hierdie reëls? (In die Bybel).
- Is dit altyd maklik om by God se reëls te hou?

Lewensles

Josia se lewe leer ons dat die Bybel die belangrikste boek in ons lewens is. Nie net het Josia die wetboek gelees nie, hy het ook gedoen wat daarin staan. Ons moet die Bybel lees, en dan doen wat daarin staan.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, dankie vir so baie gelowige mense in ons land. Here, laat al die gelowiges vol moed wees vir ons land se toekoms.
Amen

Idees vir VET pret

Lees vir die kinders die tien gebooie (Exodus 20) of die vers van die dag. Dit is ons reëls waaraan ons glo. Die ouer kinders kan selfs die vers uit hulle koppe probeer leer of opsê. Lees een versreël, en dan moet 'n kind die volgende een sê. As hulle reg is, kry hulle 'n beloning (iets kleins soos plakkers of 'n lekkertjie).

Kreatiewe aktiwiteit

Versier die werkkaart van Josia en knip dit uit. Hierdie is vir God die belangrikste reëls. Plak dit in jou kamer op en dink daaroor.

Vers vir die week

2 Konings 23: 25
"Daar was nie voor hom nog so 'n koning soos hy wat hom tot die Here bekeer het met sy hele hart en siel en met al sy kragte in ooreenstemming met die hele wet van Moses nie, en na hom was daar ook nie so 'n koning soos hy nie."

Net vir die lekker

Verdeel kinders in twee groepe. Kinders staan langs mekaar in 'n ry. Kyk almal in dieselfde rigting. Sit jou hand op die maat langs jou se skouer en sê: HA! Hierdie maat sit sy hand op die een langs hom se skouer en sê: HA! HA! Hou so aan en las elke keer 'n "HA" by. As iemand deurmekaar raak of baie begin lag, begin van voor af. Die groep wat eerste klaar is, wen.

Josia



Mat 22: 37 - 39

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiemee gelyk staan is: Jy moet naaste liefhê soos jouself.

Jeremia

21

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Jeremia 1, 2 en 24

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Vye
Werkkaart van Jeremia
Verf in 'n vlak bak

Lesinhoud

Jeremia het in die Suidryk, in Juda, gelewe toe Josia koning was. Tydens Josia se 13de regeringsjaar het die woord van die Here tot Jeremia gekom. God het Jeremia reeds voor sy geboorte uitgekies maar Jeremia was skrikkerig om as profeet op te tree. Hy het gevoel hy is nog te jonk en kan nie mooi praat nie. God het hom verseker dat hy vir niks bang hoef te wees nie, omdat die Here elke tree by hom sou wees. In Jeremia se droom het God met Sy hand aan Jeremia se mond geraak en toe gesê: "Nou het jy God se woorde in jou mond!"

"Wat sien jy Jeremia?" het God gevra. Jeremia het in sy droom 'n amandeltak gesien. Dit was God se teken dat Hy sou doen wat Hy gesê het. "Wat sien jy nog Jeremia?" vra God weer. Jeremia het 'n kokende pot gesien in die noorde. Die pot het omgeval. Dit was God se teken dat 'n ramp die land uit die noorde sou tref. Die mense van Juda sou gestraf word vir al hulle sondes en vir al die aanbidding en offers wat hulle aan slegte afgode gebring het. Jeremia se opdrag was dat hy aan Juda moes vertel wat God hom vertel het. God herinner Jeremia dat Hy aan sy kant is en dat hy vir geen mense hoef bang te wees nie. God kon nie glo dat sy volk vir 'n stuk hout kon sê" My vader", en vir 'n klip: "Jy het my in die lewe gebring!" Net wanneer dit sleg gegaan het met die mense, het hulle na die ware God geroep.

Jeremia het ook 'n verdere droom gehad: Daar was twee mandjies vye voor die tempel. Die een mandjie was vol heerlike vye, die ander mandjie was vol slegte vye, so sleg dat mens dit nie eers kon eet nie. God het oor die ballinge (die mense wat weggesteel is uit Juda en na Babel ontvoer is) gevoel soos oor die goeie vye. God sou uitkyk vir hierdie mense en hulle terugbring na Israel. Die res van die mense van Juda sou soos die slegte vye behandel word. Wanneer jy iemand wou verneder of spot of sleg maak, sou jy van hierdie tipe mense kon praat. Oorlog, hongersnood en pes sou God onder hulle loslaat, totdat hulle uitgeroei was.

Dit was vir Jeremia baie moeilik om 'n profeet te wees en al hierdie slegte dinge vir die mense te gaan vertel, maar hy het alles vertel net soos God dit aan hòm vertel het.

Vragies vir slim oortjies

- Wanneer het God vir Jeremia uitgekies? (Reeds voor sy geboorte!).
- Vir watste twee soorte afgode het die volk gebid ? (Hout-en klipbeelde).
- Was Jeremia se werk vir hom maklik of moeilik?

Tydlyn van Israel

Jeremia was 'n profeet van die Suidryk, Juda. Ons vind hom op die tydlyn (626 vC.) veral tydens die koningskap van Josia. Jeremia kondig die einde van die Suidryk aan en ook die terugkeer van die volk van Babel af.

Kom ons soek JEREMIA se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

Om slegte nuus oor te vertel is moeilik, maar as dit die waarheid is, moet ons dit soms doen.

- Hoe oud moet mens wees voordat jy vir ander mense van God kan vertel?
- Mag net dominees, pastore en grootmense oor God praat? Hoekom nie?
- Wat kan jy doen as iemand jou oor Jesus en jou Christenskap probeer vasvra? (Vertrou op God om jou die regte antwoord te gee. Lees jou Bybel om so meer kennis te kry).

Lewensles

Het julle geweet dat Jeremia niemand bekeer het nie! Niemand wou na hom luister nie. Al wil mense nie luister wat ons sê nie, moet ons nooit ophou getuig van Jesus nie. Die Heilige Gees sal vir ons woorde in ons mond sit.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, dit is soms baie moeilik om voor ons vriende te bely dat ons iets nie kan doen nie omdat ons U kinders is. Maak ons asseblief sterk in ons geloof en getuienis!
Amen

Idees vir VET pret

Laat die kinders aan vye proe. Wie het al 'n slegte vrug geëet? Dit is aaklig, nê? Vertel sommer iets oor vye en hoe dit 'n teken van oorvloed is en algemeen geëet is in Israel. Hoe lyk 'n vyeboom?

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van twee voete. Sit jou eie voetjies in verf en maak afdrukke bo-op hierdie ander twee voetspore. Net soos die afdrukke, sal God se "voetspore" altyd saam met jou wees.

Vers vir die week

Jeremia 1: 5
"Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasie aangestel."

Net vir die lekker

Sit al die name van die klas in 'n hoed. Trek 5 name en daardie kinders moet dan die volgende vragies antwoord. As daar nog tyd oor is, trek nog 5 name.

- As jy enige soort kos sonder ophou of einde kon eet, elke dag, wat sal dit wees?
- As jy kon kies om 'n dier te wees, wat sal jy kies en hoekom?

Jeremia

Habakuk

22

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Habakuk 1 - 3: 19

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Olywe
Werkkaart van Habakuk
Modelleer-klei
Liedjie – "Al sou die vyeboom nie bot nie"

Lesinhoud

Habakuk was een van God se profete. Hy het gebid tot God omdat dit vir hom gelyk het asof die slegte mense nie gestraf word nie. Orals in Israel was daar net 'n getwis en 'n bakleiery, onderdrukking en geweld. God antwoord Habakuk dat hy 'n baie wrede volk, die Galdeërs, sou stuur om Juda te straf. Moenie jy jou oor die straf van sondaars bekommer nie. God is in beheer.

Hierdie Galdeërs se perde sou vinniger hardloop as luiperds en kwaaier wees as honger wolwe. Hulle sou Israel vernietig.

God sê vir Habakuk dat die mense wat reg doen, sal lewe. Habakuk moes God se boodskap op kleitablette (verduidelik aan die kinders wat dit is) skryf, sodat die mense God se boodskap kon lees.

God waarsku veral teen mense wat op 'n oneerlike manier ryk word, wat moord pleeg en wat ander dronk maak.

God waarsku ook dat mense nie op afgode moes vertrou nie. Hoe kan jy vir 'n houtbeeld sê: "Word wakker" of vir 'n klip: "Staan op." Jy kan nie 'n beeld vertrou, of iets by 'n afgod leer nie.

Habakuk verbly hom nog steeds in God, al gaan dit sleg. Hy loof God sonder ophou.

Vragies vir slim oortjies

- Waaroor het Habakuk tot God begin bid? (Omdat hy gedink het slegte mense word nie gestraf nie).
- Waarop moes Habakuk God se boodskap skryf?
- Was Habakuk moedeloos aan die einde? (Nee, hy verbly hom nog steeds, al gaan dit sleg).

Tydlyn van Israel

Habakuk was 'n profeet van die Suidryk, Juda. Ons vind hom op die tydlyn (608 v.C.) tydens die regering van koning Jojakim.

Kom ons soek HABAKUK se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Het dit al sleg gegaan met jou of jou gesin/familie? Hoe?
- Is jy liewer vir God as dit met jou goed gaan? Hoekom nie?
- Gaan dit net sleg met slegte mense?

Lewensles

Habakuk leer ons dat dit nie saak maak hoe sleg dit met jou gaan, of hoe sleg dit in jou land gaan nie, God is nog steeds in beheer. Loof en prys God!

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, dankie dat ons nie bekommerd hoef te wees oor slegte mense se straf nie. U sal hulle oordeel. Laat ons ons eerder net verbly in al U goedheid vir die wat vir U lief is. Amen

Idees vir VET pret

Gee olywe om te eet ("... al sou die olyfoes misluk").

Kreatiewe aktiwiteit

Gebruik modelleer-klei en vorm die kruis op ons werkkaart. Habukuk moes God se boodskap op kleitablette skryf.

Vers vir die week

Habakuk 2: 4
"Wie nie reggesind is nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly."

Net vir die lekker

Speel die liedjie "Al sou die vyeboom nie bot nie" (Habakuk 3: 17 - 19)
Die kinders kan dans of saam sing. (Hierdie was Habakuk se woorde!).

Habakuk

Verbly jou in Jesus.

Nebukadneser

23

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Daniel 1 - 3

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

"Fireball" lekkers
Werkkaarte van Nebukadneser
Skêre, gom en inkleurkryte
Speldjies

Lesinhoud

Nebukadneser was die koning van Babel. Hy het opdrag gegee dat al die mooiste en slimste jongmanne van Israel na sy paleis gebring moes word. Vir drie jaar lank moes hierdie jong manne in die paleis onderrig ontvang en ook dieselfde kos as die koning eet. Vier van hierdie jongmanne was vriende. Hulle was Daniël, Gananja, Misael en Asarja, maar die paleisbeampte het vir hulle ander name gegee, "Beltsasar, Sadrag, Mesag en Abednego. Daniel wou nie van die koning se kos eet nie en hy het toestemming gevra om sy eie kos te eet. Die paleisman was bang vir die koning en het vir Daniel gesê: "Dit is reg met my, maar as julle enigsins slegter lyk as die ander jongmans, gaan ek in die moeilikheid wees." Daniël vra hom toe om vir 10 dae 'n proefneming te maak en dan te besluit. Daniel en sy vriende het net groente geëet en water gedrink. Na 10 dae het die 4 vriende mooier en gesonder gelyk as die ander!

God het aan Daniël wysheid gegee sodat hy ook drome kon uitlê. Daniël en sy vriende was 10 maal slimmer as enige van die koning se towenaars en voorspellers.

Die koning het 'n droom gehad. Hy was so bang dat sy voorspellers vir hom sou jok oor die betekenis van die droom, dat hy gesê het hulle moet hom eers vertel wat hy gedroom het en dan sê wat dit beteken! Niemand kon dit doen nie! Die koning beveel toe dat al sy werkers doodgemaak moes word, ook Daniël en sy vriende. Daniël het tot God gebid en God het vir hom in 'n droom die koning se droom vertel en ook die uitleg daarvan gegee.

Die koning het gedroom van 'n groot beeld. Die beeld was hoog en het baie geblink. Die kop was van goud, die bors en arms van silwer, die maag en heupe van brons, die bene van yster en die voete van yster en klei gemeng. 'n Klip tref toe die beeld teen die voete en verpletter die beeld. Alles van die beeld is fyn gemaal en het in die wind weg gewaai. Die klip het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het.

Die droom het beteken dat Nebukadneser die koning was, die goue kop van die beeld. Na hom sou koninkryke volg wat nie so belangrik sou wees nie (die silwer en brons). Die "yster" ryk sou alles fyn stamp. Die voete dui op 'n verdeelde koninkryk. Maar God sou 'n koninkryk oprig wat nooit vernietig kan word nie (die rots). Koning Nebukadneser het diep voor Daniël gebuig na die uitleg van die drome. Die koning het toe baie eer aan Daniël gegee en groot geskenke en hom hoof gemaak van die hele provinsie.

Hierna het Koning Nebukadneser 'n goue beeld laat maak. Die hele koninkryk moes voor die beeld buig. Wie nie buig en die beeld aanbid het nie, sou onmiddellik in 'n brandende oond gegooi word. Sekere van die paleismense het Daniël se vriende by die koning gaan verkla omdat hulle geweier het om die beeld te aanbid. Die koning het wit geword van woede en opdrag gegee dat die oond sewe maal warmer as gewoonlik gemaak moes word. Die drie is toe vasgebind en sommer met hulle klere en al in die oond gegooi. Die oond was sò warm dat die soldate wat die drie in die oond gegooi het, dood gebrand het net om so naby die oond te kom. Maar Sadrag, Mesag en Abednego het met hulle klere aan, binne in die oond geval. Die koning het van ver af na die oond gekyk en hy het vier manne vrylik binne in sien rondbeweeg. Die vierde het soos 'n hemelwese gelyk! Toe het die koning na die drie geroep en hulle het uit die oond uitgekom. Die koning en sy manne sien toe dat die oond niks aan die vriende gedoen het nie. Nie eers die hare op hulle koppe was geskroei nie. Jy kon nie eers ruik dat hulle naby 'n vuur was nie!

Nebukadneser het hierna 'n wet gemaak dat enige persoon wat nie die ware God eer nie, in stukke opgekap moes word. So iemand se huis moes ook vernietig word. Die koning het gesorg dat dit met Daniël en sy vriende nét goed gegaan het in Babel.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was die koning se naam?
- Hoe weet julle dat die vuur regtig baie warm was?
- Wie dink julle was die 4de persoon wat saam met die drie vriende in die oond was?

Tydlyn van Israel

Nebukadneser was koning van die Babeloniërs. Hy veroorsaak die einde van die Suidryk, Juda, en voer hulle in ballingskap na Babilonië toe weg. Ons vind hom op die tydlyn in (586 v.C.)

Kom ons soek NEBUKADNESER se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Is dit altyd maklik om God te dien?
- Was jy al skrikkerig om vir iemand te sê jy is 'n kind van God?
- Wat doen Christene in lande soos Afganistan wanneer hulle weet hulle gaan doodgemaak word as hulle God dien?
- Word hierdie mense altyd gered deur God?

Lewensles

Daniël en sy vriende was bereid om hulle lewens vir die Here te gee om Sy naam groot te maak. Hulle was nie bang om dood te gaan nie, want hulle het geweet dat God hulle sou red.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, dankie vir U beskerming wanneer ons dit nodig het. U is ongelooflik!
Amen

Idees vir VET pret

"Fire balls" om te eet.

Kreatiewe aktiwiteit

Aktiwiteit 1
Help Nebukadneser om by die vuur uit te kom.

Aktiwiteit 2
Werkkaart van Daniël se vriende. Knip uit en plak al die dele aanmekaar om die vuuroond te vorm.

Vers vir die week

Daniël 2: 20
"Daniël het gesê: Mag die naam van God altyd geprys word, Hy aan wie die wysheid en die mag behoort...."

Net vir die lekker

Ons gaan vandag stomstreke speel. Verdeel kinders in groepe. Elke groep kry 'n kaartjie wat hulle moet uitbeeld. Hulle kan almal deelneem of deelnemers kies. Op die kaartjies kan byvoorbeeld die volgende staan:

- Jy het nou net eerste gekom in atletiek
- Jou rugby span het nou net die Superrugby gewen
- Jy het nou net op die maan geland

Ander groepe moet raai wat uitgebeeld word. As hulle reg is, is dit weer 'n ander groep se beurt.

Nebukadneser

Help koning Nebukadneser om die vier mans in die vuur te sien en hulle te red.



Aktiwiteit 1

Nebukadneser





Aktiwiteit 2

Ek verheerlik God

Esegiël

24

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Esegiël 1: 1 - 28

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Heuning
Werkkaart van Esegiël
Watte (wat dalk met donker poeierverf besprinkel kan word)
Tinfoelie
Gom

Lesinhoud

Esegiël was die seun van Busi. Hy was 'n profeet in die tyd wat die volk weggevoer is na Babel. Sy uitsprake was gerig op die ballinge, maar ook op die mense wat in Juda en Jerusalem agtergebly het. Selfs al het dit swaar gegaan met die volk, het hulle aangehou om sonde te doen. Esegiël het veral klem gelê daarop dat elke persoon alleen verantwoordelik is vir hulle lewe voor God.

Esegiël het 'n droom gesien van 'n groot storm wat uit die noorde aangekom het. Daar was vlamme en blitse en 'n lig soos gloeiende, wit metaal. Uit hierdie wit lig het vier engele verskyn. Hierdie engele het bietjie soos mense gelyk, maar elkeen het vier gesigte en vier vlerke gehad. Hulle bene was reguit, maar hulle voete het soos blink, beeskloue gelyk. Onder hulle vier vlerke was daar menshande. Die boonste vlerke het aan die ander een se vlerke langs hom geraak, maar met die onderste vlerke het die engele hulle lywe toegehou. Al vier engele het reguit vorentoe beweeg. Hierdie engele se gesigte was ook snaaks. Die voorste een was soos die van 'n mens, die regterkantste een soos die van 'n leeu, die linkerkantste soos die van 'n bul en die agterste een soos die van 'n arend.

Hierdie engele het ook van kop tot tone geblink. Terwyl Esegiël so in sy droom na die engele kyk, sien hy 'n wiel op die grond langs elke engel. Die wiele het gelyk of dit versier was met die mooiste edelgesteentes, die wiele was ook presies eenders. Aan die buitekant van die vier wiele was daar oë reg rondom. Wanneer die engele beweeg het, het die wiele saam met hulle beweeg. Bokant die engele se koppe was daar 'n geuwel wat geblink het soos 'n ysberg. Hierdie droom het vir Esegiël so waar gevoel, dat hy selfs die geruis van die engele se vlerke kon hoor. Dit het geklink soos die geruis van 'n sterk waterstroom, die geraas wat 'n klomp mense bymekaar sal maak en soos die geluid van 'n klomp soldate. Bokant die geuwel bo die engele se koppe was daar iets soos 'n troon wat van saffiere ('n groen steen) gemaak is. Bo op hierdie troon het daar iemand gesit wat soos 'n mens gelyk het. Van hierdie gestalte se heupe af boontoe was daar 'n glans soos gloeiende, wit metaal. Van Sy heupe af ondertoe, het dit gelyk soos vuur met 'n helder glans. Die glans rondom hierdie wese was soos 'n reënboog. Toe Esegiël hierdie droom sien, het hy plat neergeval, want hy het besef dat die Wese bo-op die troon God was.

'n Stem het Esegiël beveel om op te staan. Die stem het verder gepraat en gesê hy moet na die Israeliete toe gaan. Hy moes nie bang wees vir hulle nie. Die Wese het 'n boekrol na Esegiël uitgehou. Op hierdie boekrol was klaagliedere en smartliedere geskryf.

Esegiël moes die boekrol opeet! Gelukkig was dit soet soos heuning. Esegiël moes na Israel gaan en sonder ophou, vir die mense vertel dat hulle sonde verkeerd was! Al wou die mense nie luister nie, moes hy nie moed opgee nie en aanhou getuig van God se grootheid.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was die profeet in hierdie storie se naam?
- Soos wat het die boekrol wat hy in sy droom moes opeet, geproe?
- Was dit 'n maklike werk wat God vir hom gegee het?
- Wat was die "werk"?

Tydlyn van Israel

Esegiël was 'n priester van die Suidryk, Juda, wat in ballingskap weggevoer is. God maak van Esegiël 'n profeet. Ons vind hom op die tydlyn (597 v.C.) tydens die ballingskap in Babilonië.

Kom ons soek ESEGIëL se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

Dit is soms moeilik om voor ander mense van God te getuig, maar al is dit moelik, moet ons nie opgee nie.

- Hoekom dink jy wil sekere mense nie na die Here luister nie?
- In die Bybelboek Esegiël sê die Here vir Esegiël dat as hy nie die mense waarsku oor hulle verkeerde dade nie, die Here hom (vir Esegiël) verantwoordelik sou hou. Dink jy dit is regverdig?

Lewensles

God sê vir Esegiël dat al is Israel se harte so hard soos klip, God dit weer sag sal maak. Ons moet glo dat Jesus enige iemand se hart kan verander.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons wil so graag hê dat al die slegte mense hulle tot U moet bekeer. Maak ons vrymoedig om sonder ophou van U te getuig.
Amen

Idees vir VET pret

Ons proe vandag aan heuning. Die boekrol wat Esegiël moes opeet het soos heuning geproe.

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van 'n storm. Plak wol op die wolke en tinfoelie op die weerligstrale. God beskerm ons in enige storm.

Vers vir die week

Esegiël 2: 6
"En jy, mens, moenie vir hulle bang wees nie, ook nie vir wat hulle sê nie, al stuit jy op weerstand, op dorings, al sit jy op skerpioene. Moenie bang wees vir wat hulle sê nie, moenie vir hulle skrik nie. Hulle is 'n weerbarstige volk."

Net vir die lekker

Verdeel die klas in kleiner groepe. Die speletjie se naam is: twee waarhede en ‘n leuen. Elke kind moet twee goed wat waar is en een wat onwaar is oor hulself sê. Die res van die groep moet dan besluit wat die leuen is met elke maat. Eers wanneer almal ‘n kans gehad het, kry die maats dan kans om te sê of die res van die groep reg was oor die leuen.

Esegiël



Belsasar

25

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Daniël 5

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Jellielekkers van hande
Werkkaart van Belsasar
Tinfoelie
Blinkers
Gom
Penne
Papier

Lesinhoud

Koning Belsasar het 'n baie groot ete gehou vir al sy belangrikste werkers. Daar was 'n duisend mense en koning Belsasar het heerlik saam met almal geëet en wyn gedrink. Toe hy naderhand dronk was van al die wyn, het hy die goue en silwer bekers wat die vorige koning (Nebukadneser) uit die tempel in Jersusalem gesteel het, laat haal. Hy en sy vrouens en sy werkers het almal heerlik daaruit gedrink. Terwyl hulle gedrink het, het hulle die gode van silwer, brons en goud geprys!

Meteens verskyn daar 'n mensehand wat teen die muur van die paleis skryf. Die koning het die hand gesien skryf. Hy het bleek geword en was baie bang. Sy bene het gebewe en hy was sommer lam van die skrik. Koning Belsasar het dadelik die voorspellers en sterrekykers laat roep. Hy het nie geweet wat die geheimsinnige hand teen die muur geskryf het nie. Die een wat vir Belsasar kon sê wat daar geskryf staan, sou koningsklere en 'n waardevolle ketting vir sy nek kry. Hy sou ook die derde rang in die koninkryk kry. Niemand van die voorspellers kon egter vir die koning sê wat die skrif teen die muur beteken het nie. Nou was die koning nog banger! Die koningin het egter van Daniël (Beltsasar) onthou. Vir koning Nebukadneser (die vorige koning) het hy baie drome uitgelê. Daniël is dadelik na die koning gebring. As hy kon sê wat daar geskryf is, sou hy ook koningsklere kry, 'n goue ketting vir sy nek en die derde rang in die koninkryk. Daniël wou egter niks van die geskenke hê nie. Toe het Daniël begin praat: "Die vorige koning, Nebukadneser, het mag en roem en eer gehad. Al die volke het voor hom gesidder Hy het egter hoogmoedig en verwaand geword en sy koningskap verloor. Aan die einde van sy lewe moes hy saam met die wilde diere bly en gras eet soos beeste! Koning Nebukadneser moes uiteindelik erken dat God al die mag het. Maar Belsasar, u het niks geleer van u voorganger nie! U was verwaand teenoor die Here en het Hom gespot deur uit die tempelbekers te drink en dan ander gode te prys! Dit is wat teen die muur geskryf is: "GETEL, GETEL, GEWEEG EN VERDEEL." En dit het beteken God het die jare van U (Belsasar) se regering GETEL en gaan nou 'n einde daaraan maak." Belsasar is GEWEEG en te lig bevind. Sy koningkryk sou VERDEEL word tussen die Mede en die Perse.

Al wou Daniël dit nie hê nie, het Belsasar vir hom koningsklere gegee, ook 'n goue ketting en die derde magtigste posisie (werk) in die koninkryk. Dit was egter te laat ..... daardie nag is koning Belsasar vermoor.

Vragies vir slim oortjies

- Wat dink julle het koning Belsasar verkeerd gedoen?
- Wie se hand dink jy het teen die muur geskryf?
- Wat beteken die woord "verdeel"?
- Wat was koning Belsasar se straf?

Tydlyn van Israel

Belsasar was koning van die Babeloniërs. Hy was die opvolger van koning Nebukadneser. Ons vind hom op die tydlyn (549 v.C.) tydens die ballingskap van die Suidryk, Juda.

Kom ons soek BELSASAR se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

Die Here laat nie met Hom spot nie!

- Vir die Israliete was die tempelbekers baie heilig. Dink julle 'n ding (objek) kan heilig wees?
- Wat gebeur as jy met iemand die spot dryf? (Daardie persoon word gewoonlik kwaad).
- Hoekom glo Christene jy mag nie God se naam sommer hard sê soos 'n vloekwoord nie? (In films sê hulle baie kere, "O my God!" Christene glo jy moet eerbied hê vir God).

Lewensles

Die Here laat nie met hom spot nie. Jy moet eerbied hê vir God.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons het soms nie genoeg respek en vrees vir U nie. Maak ons asseblief ten alle tye nederig en onderdanig aan U.
Amen

Idees vir VET pret

Jellie-lekkers van hande. Dit kan ons herinner aan die hand wat teen die muur geskryf het.

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart met tempelbekers. Plak tinfoelie en blinkers op die beker om aan te dui dat dit van metaal gemaak was.

Vers vir die week

Daniël 5: 25
"Dit is die woorde wat geskryf is: "Getel, getel, geweeg en verdeel."

Net vir die lekker

Elke kind kry 'n pen en papier. Jy moet na soveel maats toe gaan as wat jy kan, hulle 'n ligte knypie teen die neus gee en vra: Wat is jou naam? Die maat gee jou dan weer 'n knypie teen die neus en sê: My naam is ….As jy die naam het, moet jy dit op jou lysie skryf. Dit sorg vir heelwat gelag! As juffrou sê die tyd is verby, kyk wie het die meeste name op hulle lysies. Jy is dan die wenner!

Belsasar



Sagaria

26

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Sagaria 1- 6

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Olywe
Werkkaart van Sagaria
Ou kerse – genoeg vir elke kind om 'n stukkie te kry
Vuurhoutjies

Lesinhoud

Sagaria was 'n profeet van God. Hy het 'n klomp visioene (drome) gehad oor Jerusalem wat weer opgebou sou word, oor die nuwe tempel en ook oor die koms van Christus. Sagaria was die seun van Berekja. Koning Darius was koning oor Juda in sy leeftyd.

Sagaria se eerste droom was van 'n man op 'n bruin perd. Die ruiter was in 'n diep kloof en agter hom was ander ruiters op bruin, rooi-bruin en wit perde. Die droom het beteken dat dit mense is wat God in die wêreld in gestuur het. Hulle het aan God se engel rapporteer dat die wêreld rustig en stil was. Die Here sê toe dat Hy Jerusalem en die tempel weer sal laat opbou.

Die tweede droom van Sagaria was van vier horings. Dit was die horings wat Juda, Israel en Jerusalem verstrooi het. Daar was ook vier ambagsmanne (werksmanne). Die ambagsmanne sou die nasies wat teen Israel was, (die vier horings) die skrik op die lyf jaag en oorwin.

Die derde droom was van 'n man met 'n maatlyn in die hand. Hy het vir Sagaria gesê: "Ek gaan Jerusalem uitmeet om te sien hoe breed en hoe lank hy moet wees." Engele het vir mekaar gesê dat Jerusalem so baie mense en diere sou hê, dat mure onnodig sou wees. Die Here sou 'n muur van vuur om Jerusalem bou.

In Sagaria se vierde droom sien hy die hoëpriester, Jesua, voor die engel van die Here. Regs van hom was die duiwel. Die Here sê toe: "Ek sal jou straf, Satan!" Die hoëpriester het vreeslike vuil klere aangehad. Die engel sê toe vir sy helpers: "Trek vir hom skoon klere aan want sy sondes is vergewe." Die hoëpriester het tot 'n skoon tulband gekry.

Die vyfde droom was van 'n kandelaar, heeltemal van goud gemaak. Daar was ook 'n oliebak met sewe tuite en sewe lamppitte in elkeen. By die kandelaar was twee olyfbome. Dit alles het beteken dat net die Gees van die Almagtige God die mens kan laat slaag op aarde.

Die sesde droom was 'n boekrol wat in die lug sweef. Dit was baie groot – 9 meter lank en 4.5 meter breed. Dit was 'n teken dat al die slegte mense teëspoed sou kry.

Die sewende droom was van 'n graanmandjie. Binne-in was die sonde van almal op aarde. Toe die swaar deksel van die mandjie opgelig word, sit daar 'n vrou binne-in. Haar naam

was: "Goddeloosheid." Toe stamp die engel haar terug en sit die swaar deksel weer op. Twee vroue met vlerke kom toe aangevlieg en tel die mandjie op om dit weg te vat.

Sagaria se agtste droom was van vier strydwaens wat tussen twee berge van koper uitkom. Voor die eerste was 'n bruin perd en voor die tweede wa 'n swart perd. Voor die derde wa 'n wit perd en voor die vierde 'n skimmelperd (wit en swart gemengdeperd) Die strydwaens was God s'n. Die waens sou elkeen in 'n windrigting gaan (noord, suid, oos en wes). Hulle sou die Gees van die Here oor die aarde bring.

Vragies vir slim oortjies

- Noem een van Sagaria se drome?
- Wat het hierdie droom beteken?
- Wat is 'n ander naam vir 'n droom van God? ('n Visioen, sê die Bybel)
- Sê Sagaria elke keer wat sy droom beteken?
- Hoekom dink julle?

Tydlyn van Israel

Sagaria was 'n profeet in die tydperk na die ballingskap. Ons vind hom op die tydlyn (520 v.C.) na die ballingskap en tydens die heropbou van die tweede tempel.

Kom ons soek SAGARIA se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Droom jy soms?
- Dink jy God praat net in drome met ons?
- Hoekom was Jerusalem so belangrik vir die Jode? (Dit is waar die tempel was en hulle wette het gesê jy mag net met God praat in die tempel).

Lewensles

Vir die Israeliete was die opbou van die tempel baie belangrik. Ons weet, na Jesus se koms, kan ons vanaf enige plek tot God bid. Ons liggame is nou die tempel van God.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons wil vandag bid vir U koninkryk op aarde. Help dat goddelose mense hulle tot U sal bekeer en dat ons as U dissipels sal optree en U woord sal versprei.
Amen

Idees vir VET pret

Eet olywe, soos wat Sagaria van gedroom het. Wat het die olyfolie nou weer beteken?

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van 'n kershouer. Gebruik ou kerse om oral op die kershouers druppels te maak. Werk versigtig sodat niemand brand nie. Elke kind kry 'n stukkie kers om aan die brand te steek en mee te drup.

Vers vir die week

Sagaria 1: 3
"En nou moet jy vir jou volk sê: So sê die Here die Almagtige: "Bekeer julle tot My, sê die Here die Almagtige, dan sal EK weer by julle wees, sê die Here die Almagtige."

Net vir die lekker

Staan in ‘n sirkel. Sê jou eie naam en die naam van ‘n maat na wie jy dan ‘n bal gooi. Hierdie maat moet jou naam sê, sy eie naam en die maat na wie hy gooi se naam. Soos wat die spel aangaan, word dit al hoe moeiliker om almal se name te onthou!

Sagaria



Ester

27

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Ester 1 - 10

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Armband/hangertjie lekkers
Macaroni
Werkkaart van Ester
Vislyn
Skêre
Vyf strooitjies

Lesinhoud

Koning Ahasveros het vir al sy onderdane ‘n baie groot partytjie gehou wat 180 dae aangehou het! Sy vrou, koningin Vasti, was ‘n baie mooi vrou. Die koning wou met haar spog voor sy werkers en het haar laat roep, maar sy wou nie gaan nie. Toe het die koning baie kwaad geword en besluit om ‘n nuwe koningin te soek.

Al die mooi meisies van die koninkryk het saamgekom en gehoop om dalk gekies te word as nuwe koningin. In die stad Susan was daar ‘n Jood met die naam Mordegai. Hy het na die dogter van sy oom gekyk omdat sy ‘n weeskind was. Haar naam was Ester (of Hadassa). Ester is ook gekies om na die paleis te gaan, maar sy het tjoepstil gebly daaroor dat sy ‘n Jodin was.

Die koning het meer van Ester gehou as van enige van die ander jongmeisies. Hy het toe die kroon op haar kop gesit en haar koningin gemaak in die plek van Vasti. In hierdie tyd het Mordegai gehoor dat twee van die paleiswagte saamgesweer het om die koning te vermoor. Hy het dit toe vir Ester vertel en sy kon die koning waarsku. Die twee skelms is gevang. Maar Mordegai het nie eers ‘n “dankie” van die koning gekry nie.

Haman was die koning se hoofbeampte. Almal moes voor Haman kniel. Mordegai, Ester se oom, wou nie, omdat die Jode net voor God kniel. Haman was woedend hieroor en hy besluit toe om nie net vir Mordegai te laat doodmaak nie, maar sommer al die Jode. Haman het die koning oortuig van sy bose planne vir volksmoord en hy het toe briewe met boodskappe gestuur na al die provinsies dat die Jode op ‘n spesifieke dag uitgemoor moes word, klein en groot, mans, vrouens en kinders. Die Jode was hartseer en verslae. Hulle het rouklere aangetrek en gehuil. Ester het ook hiervan gehoor.

Een reël waaroor die koning baie streng was, was dat jy net na hom toe mag gegaan het as hy jou laat roep het. As jy net sou opdaag, is jy gewoonlik doodgemaak. Die enigste uitsondering was as die koning sy septer na so ‘n persoon uitgesteek het, dan mag hy of sy gelewe het. Ester was baie bang, maar het na die koning gegaan – gelukkig het hy sy septer na haar uitgesteek. Sy het hom toe uitgenooi vir ete saam met haar en Haman. Na ‘n heerlike ete, het sy hulle weer uitgenooi vir die volgende dag. Mordegai (Ester se oom, die Jood) het Haman teen hierdie tyd so geïrriteer dat Haman ‘n 23 meter hoë galg laat bou het. Hy wou die koning vra om Mordegai te laat ophang.

Haman kon nie wag vir die dag wat al die Jode uitgeroei sou word nie! Daardie aand kon die koning nie slaap nie. Hy onthou toe weer hoe Mordegai sy lewe gered het en dat hy nie eers vir Mordegai dankie gesê het nie.

Net toe kom Haman daar aan en die koning vra hom: "Wat moet ek doen met iemand aan wie ek eer wil bewys?" Haman het gedink dit is hyself waarvan die koning praat en sê toe: "Trek vir hom koninklike klere aan, laat hom op die koning se perd ry en loop met hom voor al die mense verby." "Nou gaan doen dit assblief met Mordegai, die Jood," vra die koning toe vir Haman! Haman moes dit daardie selfde dag nog met Mordegai doen! Hy was baie skaam en vernederd.

Met die volgende dag se ete, vra Ester toe aan die koning om haar en haar volk se lewens te spaar. Die koning was vreeslik verbaas en vra toe wie so 'n slegte plan sal uitdink om haar en haar volk uit te roei. Toe antwoord Ester dat dit Haman was. Die koning was woedend! Hy beveel daar en dan dat Haman opgehang moet word aan die galg wat hy vir Mordegai laat bou het. Sommer daardie selfde dag nog!

Die koning kon nie sy eie wette breek nie en hy het toe vir Mordegai en Ester gesê hulle kan nog briewe skryf, net soos hulle goed dink. Die nuwe briewe het gesê dat die Jode hulself mag verdedig en wapens bymekaar mag maak sou iemand hulle wou aanval. Op die spesifieke dag van die beplande aanval het die Jode hulle vyande oorweldig. So het Ester haar volk van uitwissing gered.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was Ester se oom se naam?
- Hoe het Mordegai die koning se lewe gered?
- Haman het 'n slegte plan vir Mordegai uitgedink en toe gebeur dit met hom. Wat was hierdie plan?

Tydlyn van Israel

Ester was die vrou van Koning Ahasveros. Ons vind haar op die tydlyn by 486 v.C.

Kom ons soek ESTER se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Dink jy God het 'n plan vir jou lewe?
- Beteken hierdie plan altyd dat jy ryk of beroemd gaan wees soos Koningin Ester?
- Hoekom nie?

Lewensles

Net soos wat die Here 'n plan met Ester gehad het, het Hy ook 'n baie spesifieke plan met elkeen van ons lewens.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons wil vandag U beskerming vra vir Christene reg oor die aarde. Maak hulle sterk in hulle geloof al word hulle vervolg en selfs nog in party lande dood gemaak.
Amen

Idees vir VET pret

Ring of hangertjie-lekkers (soos Ester haarself vir die koning mooi gemaak het).

Kreatiewe aktiwiteit

Ons gaan "macaroni" aan vislyn inryg om halssnoere te maak. Dit kan ons herinner aan hoe Ester haarself vir die koning mooi gemaak het.

Vers vir die week

Ester 7: 3
"Koningin Ester antwoord toe: "As die koning my goedgesind is, en die koning dit goedvind, laat my en my volk toe om te bly lewe. Dit is my wens en my versoek."

Net vir die lekker

Berei 'n klompie vrae voor. Maak 5 strooitjies waarvan een korter is. Laat 5 maats na vore kom en elkeen 'n strooitjie trek. Neem nou die volgende 5, totdat jy deur die groep is. Almal wat 'n kort strooitjie getrek het, moet een vraag oor hulleself beantwoord vir die klas.

Voorbeelde van vrae:

- Wat is jou gunsteling Bybelfiguur en hoekom?
- By wie het jy al die meeste oor die Bybel geleer?
- Wat doen Mamma waarvan jy regtig hou/nie hou nie?
- Wat in jou huisgesin maak jou gelukkig?

Afhangend van hoe intiem die groep mekaar ken, kan die vrae aangepas word.

Ester

Esra

28

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Esra 7 - 9: 15

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

"Pienk pilletjie" lekkers
Werkkaart van Esra
Inkleurkryte

Lesinhoud

Esra was 'n seun van Seraja. Hy het uit Babel gekom en was 'n geleerde man, wat ook die wette van Moses baie goed geken het. Die Here was by Esra en ook die koning van Babel het baie van Esra gehou. Hy het geweet van Esra se droom om terug te keer na Jerusalem toe.

Koning Artasasta van Persië het toe opdrag gegee dat enige Israeliet, 'n priester van Israel, of 'n Leviet, saam met Esra uit hulle ballingskap mag teruggaan na Jerusalem toe. Die koning sou ook silwer en goud saamstuur vir God se tempel. Esra moes bulle, ramme en lammers koop sodat dit vir God geoffer kon word in die tempel in Jerusalem. Dit het Esra se hart **baie** bly gemaak.

Koning Artasasta het sy beamptes beveel om Esra nog verder te help met geskenke van silwer, koring, wyn, olie en sout.

Esra was baie **dankbaar** dat die koning hom so goedgesind was. Hy was **vol moed** vir die trek terug na Jerusalem. Esra het geweet God sou hulle op die pad terug beskerm, dit was nie eers nodig om die koning te vra vir soldate nie. Die inwydingsgeskenke vir die tempel is deur 12 leiers van die volk gedra. Die geskenke was silwer, goud en brons.

Toe Esra en sy mense in Jerusalem aankom, het hulle gesien dat die ander Israeliete die gebruike van die nie-Jode aangeneem het. Hulle het ook met heidense vrouens getrou.

Esra was **baie hartseer** om dit te hoor - hy het sommer sy klere geskeur.

Esra het **ernstig** tot God gebid vir al die Israeliete se sondes.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was die profeet in hierdie storie se naam?
- Hoe het die geskenke vir die tempel van Persië tot in Jerusalem gekom?
- Hoekom was Esra hartseer in Jerusalem?

Tydlyn van Israel

Esra was ‘n priester uit die geslag van Aäron. Ons vind hom op die tydlyn (458 v.C.) na die ballingskap toe die volk van God begin terugkeer het na Jerusalem.

Kom ons soek ESRA se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- Hoe lyk ons kerk gebou?
- Is dit vandag vir God belangrik hoe die kerkgebou lyk? Hoekom nie?
- Waar is jy wanneer jy tot Jesus bid? (In jou bed, jou huis, die skool, die speelterrein – enige plek!).
- Dink jy dit is belangrik om byeenkomste van die gemeente by te woon? Hoekom?

Lewensles

Die Israeliete het in die tempel aanbid. Jesus se koms sorg dat ons enige plek op aarde tot God kan bid. Tog wil Jesus hê dat ons inskakel by ‘n gemeente, sodat ons saam met ander gelowiges Hom kan aanbid.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons oortree so baie U wette, asseblief vergewe ons. Maak ons gehoorsaam aan U.
Amen

Idees vir VET pret

As mammas in die “ou tyd” wou hê hulle kinders moes tjoepstil sit in die kerk, het hulle vir hulle “pienk pilletjie” lekkers gegee om te suig. Vir Esra was die tempel (die kerk) ‘n ernstige saak! Kom ons eet pienk pilletjies en dink aan Esra en sy belangrike werk met die opbou van die tempel.

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart met verskillende emosies. Kies watter emosies Esra alles in hierdie storie ervaar het.

Vers vir die week

Esra 9: 9
“Ons was slawe, maar ons God het ons nie slawe laat bly nie. .....Ons kon die tempel van ons God opbou, ons kon hom uit sy ruïnes laat herrys, ons het ‘n toevlug gekry hier in Juda en Jerusalem.”

Net vir die lekker

Deel maats in twee groepe. Groepe moet hande vashou in ‘n lang ry. Almal moet hulle oë toemaak en afkyk. Juffrou begin deur die twee op die punte se hande ‘n drukkie te gee. Sodra jy die drukkie voel, moet jy die maat langs jou se hand ‘n drukkie gee, hy gee dan weer die ou langs hom se hand ‘n drukkie. As die drukkie aangegee is tot by die laaste maat, moet dié na vore hardloop en Juffrou se hand ‘n drukkie gee. Die groep wat eerste juffrou se hand ‘n drukkie gee, is die wenners!

Esra



Nehemia

29

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Nehemia 1 - 3: 32

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Jellielekker-geweertjies
Werkkaart van Nehemia
Skêre, gom en inkleurkryte
Geskenke 'n paar keer toegedraai

Lesinhoud

Nehemia was een van die ballinge wat later van Persië af teruggekom het na Jerusalem toe om te help met die opbou van die tempelmure. In die Persiese Ryk was Nehemia 'n skinker van die koning. Nehemia was die seun van Gakalja. Terwyl hy nog in Persië was, het hy nuus van Jerusalem gehoor.

Dit het nie goed gegaan met die Judeërs wat uit ballingskap teruggegaan het na Jerusalem toe nie. Jerusalem se muur was nog steeds afgebreek en die stadspoorte verbrand. Nehemia was baie hartseer oor hierdie toedrag van sake. Hy het ernstig tot God gebid en al sy eie, maar ook Israel, se sondes bely.

Op 'n dag terwyl Nehemia wyn bedien het vir koning Artasasta, was hy baie bedruk. Die koning vra hom toe of hy siek is, of dalk hartseer. Nehemia was skrikkerig om vir die koning die waarheid te vertel. Hy het vining 'n skietgebed opgesê en toe vir die koning gevra of hy na Jerusalem kon gaan. Die koning wou weet hoe lank Nehemia weg sou wees en wanneer hy sou terugkom. Nehemia het ook gevra of die koning vir hom briewe sou gee sodat hy veilig deur vyandige gebiede sou kon reis. Alles het vir Nehemia uitgewerk en hy kon na Jerusalem gaan.

Nie almal was ewe tevrede oor Nehemia se planne om te help met die opbou van Jerusalem se mure nie. (Twee van hierdie pessimiste was Sanballat die Goroniet en Gesem die Arabier). Na drie dae in Jerusalem het Nehemia stilletjies in die nag, met net 'n paar manne by hom, vertrek om inspeksie van die mure rondom Jerusalem te doen.

Nou eers het Nehemia vir die volk en die priesters vertel van sy opdrag van God af, en hoe die koning van Persië hom gehelp het. Almal was vuur en vlam en het gesê: "Kom ons bou!"

Sanballat en Gesem het die Israeliete gespot en uitgelag oor hierdie groot taak.

Maar Nehemia het hulle geantwoord: "Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen."

Vragies vir slim oortjies

- Van watter profeet leer ons in hierdie storie?
- Na watter stad wou hy teruggaan?
- Was almal bly oor die Israeliete se harde werk?

Tydlyn van Israel

Nehemia is in Persië gebore, maar was van Judese afkoms. Hy was 'n amptenaar van die Persiese ryk. Ons vind hom op die tydlyn (445 v.C.), na die heropbou van die tempel.

Kom ons soek NEHEMIA se plekkie op die tydlyn van Israel



Besprekingspunte

- Sal God jou vra om iets te doen wat regtig vir jou onmoontlik is?
- Die Here het vir Nehemia gevra om die mure om Jerusalem weer op te bou. Wat vra Hy vandag van ons? (Miskien om vir ander te bid, of ander mense van Jesus te vertel).

Lewensles

Met God aan jou sy, is selfs die moeilikste taak moontlik. Soos die Here Nehemia gehelp het om die muur om Jerusalem te bou, sal Hy ons help om dit te doen wat Hy van ons vra.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons gebruik so maklik 'n skietgebed wanneer ons in die moeilikheid is. Help dat ons elke dag sal tyd maak om met U (deur ons gebede) te gesels ook.
Amen

Idees vir VET pret

Jellielekkers wat soos geweertjies lyk – vir Nehemia se skietgebed.

Kreatiewe aktiwiteit

Werkkaart van 'n muur. Kom ons knip die bakstene uit en plak dit om 'n muur te bou, soos wat Nehemia in Jerusalem gaan doen het.

Vers vir die week

Nehemia 1: 11(a)
"Ag Here, luister tog na die gebed van U dienaar en na die gebed van U dienaars, hulle vir wie dit 'n vreugde is om U Naam te eer."

Net vir die lekker

Neem 'n klein geskenkie soos lekkers of 'n notaboekie. Draai dit in verskillende lae papier toe. Bind sommer elke laag met 'n toutjie vas om dit meer uitdagend te maak. Die kinders sit in 'n kring. Die musiek word aangesit en sodra dit stop moet die persoon wat die pakkie het, 'n laag papier afhaal of 'n lint losmaak. Die kind wat die laaste laag afhaal, kan die pakkie hou.

Nehemia



Resepte vir Odos lesse

Ongekookte, sagte klei

Bestanddele
2 koppies koek -of broodmeel
½ koppie sout
1 T olie
Voedselkleursel

Metode
1. Meng water en olie saam
2. Meng met die meel en sout.
3. Knie totdat mengsel soos brooddeeg lyk
4. Voeg klein bietjie water by indien nodig
5. Sit die voedselkleursel by
6. Knie totdat kleursel eweredig ingemeng is met deeg
7. Sit die klei in 'n lugdigte plastiekhouer

Gekookte sagte klei

Bestanddele
2 koppies koekmeel
5 T kremetart
1 koppie sout
2 koppies water
5 T olie
Voedselkeursel

Metode
1. Meng al die bestanddele saam
2. Roer oor hoë hitte met 'n houtlepel totdat die bestanddele aan die lepel begin klou
3. Verlaag die temperatuur van die stoof
4. Hou aan roer todat die regte dikte vir die klei verkry is
5. Knie vir so 2 minute
6. Bêre die klei in 'n lugdigte plastiekhouer

Ongekookte harde sout klei

Bestanddele
2 koppies meel
2 koppies sout
2 koppies aluin (by apteke te kry)

Metode
1. Meng al die bestanddele saam
2. Voeg bietjie vir bietjie water by totdat die mengsel nie meer aan jou hande vasklou nie.
3. Knie deeglik
4. Gebruik vining en moenie bêre nie

Lemonade resep

Bestanddele
1 koppie suiker
1 koppie water (vir die stroop)
1 koppie suurlemoensap
3 – 4 koppies koue water om stroop te verdun

Metode
1. Meng suiker en water vir stroop en verhit oor lae hitte todat die suiker opgelos is
2. Druk die sap van 4 – 6 suurlemoene uit, dit is omtrent 1 koppie vol
3. Voeg die stroop en die suurlemoensap bymekaar en verdun met die 3 – 4 koppies koue water. Indien jy verkies kan jy die mengsel verder in die yskas laat afkoel. Bedien met suurlemoenskyfies. Indien die lemonade te soet is, voeg nog ‘n klein bietjie suurlemoensap by

Bibliografie

1. All-in-One Integrated Learning Programme.
   Mart Meij en Charlotte Sullivan. 2001. Best Books, Pretoria, Suid-Afrika.

2. Die Boodskap. Die Bybel in Hedendaagse Afrikaans.
   Jan van der Watt en Stephan Joubert. 2002. Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging, Suid-Afrika.

3. Die Bybel. Nuwe Vertaling. 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad, Suid-Afrika.

4. Verklarende Bybel (1983 – vertaling). 1989. Lux Verbi, Kaapstad, Suid-Afrika.

5. www.dltk-bible.com
6. www.dltk-kids.com
7. www.coloring.ws
8. www.sundayschoolsources.com